# Kerklike Terme en Gebruike
**(Verklaring, Beginsels, Verduidelikings en Toepassings)**

**Aanklag:** ’n Skriftelike beskuldiging teen ’n ander. Dit word by die toepaslike kerklike vergadering ingedien.

’n Lidmaat, insluitend ampsdraers, wat sondig, moet volgens die weg van Mt. 18:17a, met behoud van bepaalde voorwaardes, by die plaaslike ouderlingeraad aangegee word.

**Aansoek by nagmaal:** ’n Versoek van iemand wat nie ’n lidmaat van ’n bepaalde gemeente is nie, om saam met daardie gemeente nagmaal te mag vier.

Lidmate van ander AP kerke (gemeentes) moet, ideaal gesproke, ’n aanbevelingsbrief van hulle tuis-ouderlingeraad saambring en voor die erediens by die ouderlingeraad van die gemeente wat besoek word, indien. As dit nie gebeur het nie, en ’n lidmaat van die gemeente waar die nagmaal gehou word, kan oor die aansoeker positief getuig, word die aansoeker toegelaat.

Dieselfde geld vir lidmate van ’n ander erkende kerk. Indien hulle toegelaat word, word hulle meegedeel dat kinders nie in AP kerke toegang tot die tafel van die Here het nie. Laasgenoemde feit moet in elk geval by die afkondigings voor die diens ingesluit word.

**Aansoek om lidmaatskap:** ’n Versoek om as (belydende) lidmaat tesame met kinders as dooplidmate (of ongedoop) in ’n plaaslike kerk (gemeente) opgeneem te word.

So ’n aansoek kan van kerklose persone kom. Dan moet die kinders verbondsonderrig ontvang Die volwassenes moet ook onderrig word, met gebruikmaking van *Volwasse in die geloof* en ’n gesprek met hulle oor die

inhoud van *Ontmoetingsgesprek* (Albei publikasies is deur sinodes goedgekeur).

Sodra die onderrig afgehandel is, moet die volwassenes belydenis van geloof aflê. As hulle nooit gedoop was nie, moet hulle daarna gedoop word. Dan is hulle lidmate van die gemeente.

So ’n aansoek kan van persone vanuit ander kerkverbande kom. Indien dit uit nie-erkende kerke kom, moet dieselfde pad as hierbo geloop word. In die onderrig aan hulle sal ook die afwykende aspekte van hulle vorige kerk behandel moet word.

In die geval van ’n aansoek van persone wat uit erkende kerke kom (kyk “erkende kerke”), moet die volwasse aansoekers die publikasie *Ontmoetingsgesprek* bekom en bestudeer. Daarna gaan ’n kommissie (wat gewoonlik bestaan uit die predikant en ’n ouderling) die boek globaal saam met die voornemende lidmate deur om vas te stel of daar enige beginsel is wat die persone nie onderskryf nie – die kommissie rapporteer aan die ouderlingeraad, wat besluit oor opname as lidmate.

***Ad hoc*-saak:** “vir hierdie saak”.

’n Kerkvergadering kan ’n *ad hoc*-kommissie aanwys, dit wil sê vir net een spesifieke saak. Wanneer die saak afgehandel is, hou die kommissie op om te bestaan.

**Advies vra:** Die vra van raad by ’n kerkvergadering oor ’n Bybelse beginsel wat gewoonlik kerkregtelike sake raak.

**Afdwaling:** Afwyking van die leer van die Skrif, of van die belydenisskrifte wat op die Skrif gegrond is, of van die kerkorde, waarvan die onderliggende beginsels uit die Skrif kom.

**Afsetting:** Uit die kerklike amp (van diaken of ouderling, of predikant) stel.

**Afsetting uit diens:** *Vide* “Afsetting”.

**Afsnyding:** Beëindiging van die band tussen ’n lidmaat en die gemeente (kyk ook "Ekskommunikasie”).

Die besluit word deur die ouderlingeraad geneem, nadat die vereistes vir opsig en tug enduit toegepas is.

**Afstigting:** ’n Gedeelte van ’n gemeente wat met behoud van kerkordelike bepalings ’n nuwe gemeente vorm (stig).

**Afvaardig:** Aanwys van persone om die opdraggewer te verteenwoordig.
’n Kerkraad, ouderlingeraad, diakonie, ’n ring, en ’n sinode wys verteenwoordiger(s) aan om hulle te verteenwoordig by aangewese persone of instansies en gee aan hulle opdrag om oor bepaalde sake in gesprek te tree, uitvoering aan die opdrag van hul sender te gee en volledig daaroor te rapporteer.

**Akte:** Die ondertekende dokument waarin ’n ooreenkoms vervat is.

**Akte van Bevestiging:** ’n Sinodaal-goedgekeurde dokument wat die ring uitreik aan ’n proponent wat as predikant (herder en leraar) in ’n gemeente bevestig is.

Dit is ’n belangrike verklaring wat die bevestigde predikant bewaar, aangesien dit ’n bewys is dat hy ’n wettige predikant is.

**Akte van Demissie:** ’n Dokument wat verklaar dat die predikant van ’n gemeente losgemaak is, sodat hy in die gemeente waarheen hy ’n beroep aanvaar het, bevestig kan word.

Die dokument (of akte) getuig ook van die getroue diens wat die predikant gelewer het. Dit word onderteken deur die skriba van die kerkraad en die konsulent.

**Akte van Legitimasie:** ’n Dokument wat die kuratorium uitreik waarin verklaar word dat ’n proponent (of ander toegelatenes, soos iemand wat uit die amp van predikant getree het, maar nou weer die amp wil opneem) wettig tot die amp van predikant toegelaat is en in die kerkverband beroepbaar is.

**Akte van losmaking:** ’n Dokument wat aan ’n predikant uitgereik word waarin verklaar word dat hy van sy gemeente losgemaak is, omdat hy nie meer daar tot stigting van die gemeente kan dien nie.

Hierdie predikant is nie losgemaak vanweë enige tugwaardige afwyking in leer of lewe nie. Hy mag dan binne ’n bepaalde tyd deur ’n ander gemeente beroep word.

**Algemene lasgewing:** ’n Lasgewing is ’n mandaat (opdrag, taak) wat aan iemand of ’n instansie opgedra word. So is daar opdragte vir elke kerklike kommissie.

Daar is ook die sogenaamde “permanente sinodale kommissies” wat ’n sinode (A) aanwys om ná die sinode tot en met die konstituering van die volgende

sinode (B) welomskrewe opdragte uit te voer. Tydens sinode A wys die sinode ’n sameroeper vir elke permanente kommissie aan, wat nog tydens daardie sinode (A) die lede van die kommissie saamroep ten einde ’n voorsitter, ondervoorsitter en skriba te kies. Elke permanente kommissie rapporteer aan die volgende sinode (B).

**Amendement:** ’n Voorstel dat ’n bestaande voorstel gewysig, of verbeter of aangevul moet word.

’n Amendement kan nie voorgestel word as dit die wese van die oorspronklike voorstel weerspreek nie. Amendemente word afgehandel voordat die oorspronklike voorstel beoordeel word.

**Ampsbediening:** Uitvoering van ’n amp (as diaken, ouderling, predikant) ooreenkomstig die Skrif, in gehoorsaamheid aan God.

In die kerk gaan dit nie primêr om die persoon wat die amp beklee nie, maar om die uitlewing van die amp wat Christus volmaak bedien het as ons hoogste Profeet (dink aan die bedienaar van die Woord), ons enigste Hoëpriester (dink aan die barmhartigheidswerk van die diaken), en ons ewige Koning (dink aan die regering van die ouderlinge deur die Woord en Gees).

**Amptelike blad:** Die kerklike blad (“tydskrif”) vir ’n spesifieke kerkverband.
*Die Boodskapper* is die amptelike blad van die AP Kerk.

**Amptenare:** Mense wat poste in diens van plaaslike kerke, of die kerkverband beklee, soos ’n kassier, rekenmeester, ensovoorts.

Ampsdraers is nie amptenare nie. In die plaaslike kerk word die amptenare deur die kerkraad aangestel (en nie deur verkiesing deur die

kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep is nie). Die kerkaad gee welomskrewe opdragte en amptenare moet aan die kerkraad verslag doen.

**Appèl:** ’n Beroep op ’n meerdere vergadering om op grond van die Skrif ’n besluit van ’n mindere vergadering aan te vul, te wysig, of te verwerp.

In die wêreld buite die kerk: Iemand beroep hom op *hoër* gesag (bv. die hof) wanneer ’n saak vir hom (genoem die appellant) onaanvaarbaar is.

In die kerk: Iemand beroep hom op ’n *meerdere* vergadering. Die gesag in alle kerkvergaderings setel in die Hoof van die kerk, die Here Jesus Christus. Uitsprake deur kerke en kerkvergaderings moet die wil van God oor elke saak soek. ’n Kerkraad kan ’n besluit neem en oortuig wees dat sy besluit inderdaad Skriftuurlik is, maar wanneer ’n lidmaat oortuig is dat daardie besluit nie korrek was nie, kan hy hom na die kerkvergadering wend wat as die “ring” bekendstaan. ’n Meerdere vergadering word só genoem, omdat meer gemeentes daar verteenwoordig is. Dáár is *meer* en objektiewe broeders wat daaroor in die Skrif delf, met ander woorde wat navors wat die Skrif sê; of só gestel: wat die wil van God is.

Daarom word gepraat van “meerdere” vergaderings en nie “hoër” vergaderings nie. Natuurlik is die gesag van Christus letterlik die *hoogste* gesag. Daar kan ook oor ’n ringsbesluit na ’n sinode geappelleer word.

'n Appèl moet binne 21dae nadat die notule van die vergadering wat die besluit geneem het, goedgekeur is, ingedien word.

**Appelleer:** Die daad van appèl aanteken.

**Appèlskrif:** Die dokument wat die appèl van ’n lidmaat of ’n vergadering bevat.

Die dokument moet ’n volledige uiteensetting gee van die gronde waarop die appèl berus en aandui waarin die vergadering wat die besluit geneem het, in stryd met die Skrif, belydenisskrifte, kerkorde, sinodale besluite, besluite van die vergadering is, of waar die prosedures nie korrek gevolg was nie.

**Approbasie:** Die naam van ’n predikant wat beroep is en die name van verkose kerkraadslede word by wyse van afkondiging vir goed- of afkeuring (“approbasie”) aan die gemeente voorgelê.

Belydende lidmate het dan die geleentheid om skriftelike beswaar teen die beroep as sodanig, of beroepene, of die verkosenes aan te teken. Indien geen beswaar ingedien word nie, het die gemeente die beroep ge-approbeer, dit wil sê goedgekeur.

Name van persone wat aansoek gedoen het om lidmaatskap word afgekondig sodat die gemeente die aansoek kan approbeer/goedkeur.

**Attestaat:** *Getuigskrif* oor iemand se huidige leer en lewe. Dit getuig oor die vraag of die persoon *suiwer in leer* en *vroom in lewenswandel* is.

’n Attestaat is nie ’n lidmaatskapsertifikaat nie. Dit is nie ’n dokument wat êrens bewaar word en beskikbaar is om enige tyd uitgereik te word nie. Daarom kan dit nie van een gemeente na ’n ander “oorgeplaas” word nie.

Wanneer ’n lidmaat al meer as drie maande uit die gemeente verhuis het en nie ’n attestaat aangevra het nie, kan daar aan hom net ’n bewys van lidmaatskap gegee word. Dit word per brief gegee en mag nie enige klagtes of optrede teen die persoon wat verhuis het, bevat nie (ook nie indien die lidmaat onder sensuur was nie, of dat hy die eredienste swak bygewoon het nie). Daar

word slegs gestel dat die persoon tot op so en so ’n datum ’n belydende/dooplidmaat was.

## B

**Bedienaar van Woord:** Predikant. Omdat al sy werk vanuit die Skrif moet voortvloei, is hy ’n “Bedienaar van die Woord”.

**Bedieningsooreenkoms:** ’n Kontrak tussen twee of meer kerkrade oor die verdeling tussen hulle van die werk van en vergoeding aan ’n gemeenskaplike predikant.

Kerkraad A gaan met Kerkraad B (en meer kerkrade waar nodig) ’n ooreenkoms aan dat A se predikant bepaalde diens aan B sal lewer. Die predikant is en bly egter die predikant van A en val onder hulle toesig. By die ander gemeente(s) het hy nie stemreg nie en mag hy slegs advies aan B verleen.

**Beëindiging van bedieningsooreenkoms:** ’n Bedieningsooreenkoms kan wedersyds met kennisgewing van drie maande beëindig word.

Sodra die gesametlike predikant ’n beroep na ’n ander gemeente aanvaar, verval die bedieningsooreenkoms. Dit kan ook gebeur wanneer een van die gemeenstes wil ontbind (nie verder wil of kan voortbestaan nie), of wanneer ’n gemeente so groot geword het dat hy nie sonder ’n voltydse predikant sal kan klaarkom nie, of wanneer die leraar oordeel dat hy nie langer tot stigting kragtens die bedieningsooreenkoms kan dien nie, die ooreenkoms deur die gemeente wat hom beroep het, beëindig word. Die beëindiging van die bedieningsooreenkoms mag nie die gevolg hê dat die gemeente wat hom tevore beroep het, nie meer met hom wil voortgaan nie.

**Beëindiging van kombinasie:** Gemeentes tree uit hul ooreenkoms met mekaar ten opsigte van ’n gemeenskaplike predikant (met alles wat daarmee saamhang).

Twee of meer gemeentes mag ’n kombinasie aangegaan het. Een of meer van daardie gemeentes mag uit die kombinasie wil tree, met behoud van bepalings wat in dié verband in die kombinasie-akte (kyk “Akte”) gestipuleer is.

Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer ’n gemeente wil ontbind (nie verder wil voortbestaan nie), of wanneer ’n gemeente so groot geword het dat hy ’n voltydse predikant sal moet beroep, of wanneer die leraar oordeel dat hy nie langer tot stigting in die kombinasie kan dien nie en die band met die gemeente op sy versoek losgemaak wil hê.

Indien ’n gekombineerde kerkraadsvergadering dit goedkeur, is die saak afgehandel. Indien daar nie ooreenstemming gevind kan word nie, besluit ’n buitengewone ring daaroor.

**Beëindiging van lidmaatskap:** ’n Lidmaat kan nie uit sy kerk (gemeente) “bedank” nie. ’n Mens bedank uit ’n wêreldse instansie. Die kerk is egter ’n gemeenskap met God.

Die lidmaat kan wel sy lidmaatskap skriftelik opsê. Wanneer hy sonder skriftelike opsegging, by ’n nie-erkende kerkverband of by ’n sekte inskakel, beëindig die ouderlingeraad sy lidmaatskap. Dit gebeur ook as ’n lidmaat uit sy gemeente verhuis het en nie binne drie maande ’n attestaat aanvra nie. Lidmaatskap word ook beëindig wanneer die kerklike tug uitloop op afsnyding uit die gemeente. (Kyk ook “Tug”, “Afsnyding” en “Ekskommunikasie”.)

**Belydenis:** Die woord word gebruik ten opsigte van wat godsdienstig gesproke, geglo en uitgeleef word. In die gereformeerde sin is dit die *Belydenis van die kerk*.

**Belydenis aflê – ondersoek:** Vasstelling van die gereedheid van ’n verbondskind om in die openbaar te getuig van persoonlike geloof en die inhoud daarvan.

Ná afhandeling van die verbondsonderrig deur die kerk, word die katkisant ondervra oor dit wat oor die jare geleer is. Dit sluit sy regsinnigheid in, asook sy kennis van gereformeerde beginsels. Wanneer die ouderlingeraad tevrede is met die uitkoms daarvan, lê die katkisant "belydenis van geloof" tydens ’n erediens af – dit beteken dat hy openlik getuig dat hy die leer van die kerk (d.i. die belydenisskrifte wat op die Bybel gegrond is) persoonlik bely. Dan is hy nie meer ’n "dooplidmaat" nie, maar ’n "belydende lidmaat".

Geen predikant uit die "erkende" kerkverbande mag die aflegging van geloofsbelydenis as sodanig behartig nie.

(Kyk ook "Belydenis van geloof aflê – die inhoud daarvan")

**Belydenis van geloof aflê – die inhoud daarvan:** Om tydensn ’n erediens in die openbaar te getuig van: geloof in die God van die Bybel aan wie alle eer toekom; geloof in die Here Jesus Christus die Verlosser, wat my uit genade red, geloof in die Heilige Gees wat juis die geloof in my hart werk, my aan die leer van die Bybel bind en my verseker dat ek ’n uitverkore kind van God is; geloof dat die Bybel God se onfeilbare Woord is; geloof aan die gereformeerde belydenisskrifte wat op die Bybel gegrond is; my liefde vir die drie-enige God; my ernstige voorneme om in die krag van die Heilige Gees vir God te lewe, Hom te gehoorsaam te wees en te bly.

(Kyk ook “Belydenis van geloof – ondersoek”)

**Belydenisskrifte:** Die formele en amptelike verwoording van wat die kerk glo.

In ’n gereformeerde kerkverband is daar “algemene belydenisskrifte” en “besondere belydenisskrifte”. Eersgenoemde is: Die *Twaalf Artikels*, die *Belydenis van Nicea* en die *Belydenis van Athanasius*. Die besondere belydenisskrifte is *Die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls.*

Die gereformeerde kerke handhaaf die belydenisskrifte *omdat* (*quia*) hulle met die Bybel ooreenstem. Daar is ander kerke wat dit net glo *in soverre as wat* (*quatenus*) hulle met die Bybel ooreenstem.

Die *quia*-standpunt kwalifiseer homself so: As dit ooit eendag mag blyk dat iets in die gereformeerde belydenisskrifte nie met die Bybel ooreenstem nie, sal die belydenisskrif verander word, maar nooit die Bybel nie. Ons belydenisskrifte is, alhoewel hulle met die Bybel ooreenstem, altyd ondergeskik aan die Bybel.

Die probleem met die *quatenus*-standpunt is dat dit die deur vir leervryheid oopmaak. Wanneer ’n teoloog byvoorbeeld iets in die belydenisskrifte verdraai, of teëspreek en sy kerk spreek hom daaroor aan, kan hy net antwoord: "Ek handhaaf net die belydenis op hierdie punt sovêr dit met die Bybel ooreenstem. Maar hierdie belydenis wat ek nou teëspreek stem, wat my betref, nie met die Bybel ooreen nie." Sou teksgedeeltes uit die Bybel aangehaal word waaruit die belydenis gekom het, sal die dwaalleraar sê dat die Bybel op daardie punt verkeerd verstaan word. Dan is die kerk magteloos en kan daar nie teen die dwaalleraar opgetree word nie.

**Beperkte dienstermyn:** ’n Voltydse kontraktuele bediening deur ’n predikant vir ses maande in ’n gemeente, maar wat weer en weer met wedersydse instemming vir ’n verdere ses maande verleng kan word.

’n Predikant, teologiese dosent en ’n amptenaar wat predikantstatus besit, mag nadat hulle geëmeriteer het (“afgetree” het), deur ’n gemeente beroep word met *beperkte dienstermyn*. Dit behels dat die beroepene vir ses maande lank die *voltydse* predikant van die gemeente is. Die predikantswerk word nie afgeskaal nie, maar beperk tot ses maande. Voordat die ses maande om is, kan die ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant vir ’n verdere ses maande verleng word.

So kan dit weer en weer verleng word. Wanneer óf die kerkraad, óf die predikant ná afloop van ’n ses maande dienstyd nie die ooreenkoms verder wil hernu nie, beëindig die ooreenkoms sonder dat die kerkraad of die predikant redes vir hul besluit hoef te verstek.

**Beperkte opdrag:** Permanente bediening in ’n gemeente deur ’n voltydse teologiese dosent of die direkteur van kerkadministrasie of die redakteur van *Die Boodskapper* of predikante wat voltyds in diens van die Sentrale Kerkkantoor staan (soos goedgekeur deur ’n sinode).

Sodanige persoon is ’n permanente herder en leraar in die gemeente. Hy moet *al* die werk van ’n predikant in ’n gemeente doen, maar die werk is in *omvang* afgeskaal.

Wanneer ’n leraar die roeping na een van die bogenoemde poste opvolg, kan hy met beperkte opdrag na ’n gemeente beroep word nadat hy sy status as bedienaar van die Woord kragtens kuratoriumbesluit, behou.

**Beroep:** Dit gaan nie hier oor ’n beroep soos ’n onderwyser, elektrisiën, ensovoorts nie. ’n Predikant doen ook nie vir ’n “leraarspos” aansoek nie. Die Here beskik wie die predikant in ’n gemeente sal wees. Nadat bepaalde kerkordelike handelinge verrig is, stem die belydende lidmate watter predikant, volgens elkeen se biddende keuse, beroep moet word. Die predikant wat die meerderheid van stemme behaal het, is dan beroep.

**Berou:** Opregte hartseer en selfverwyt voor die Here self oor iets wat jy verkeerd gedoen het. Deur die Gees gewerkte droefheid oor sonde voor God, gepaard met sondehaat, afkeer daarvan, en ’n vlug tot Christus met die voorneme tot nuwe gehoorsaamheid.

**Beskrywingspunt:** ’n Gemotiveerde en ondertekende voorstel aan ’n kerkvergadering waaroor ’n besluit geneem moet word.

’n Beskrywingspunt kan ’n skriftelike voorstel wees wat by die *kerkraad* ingedien word met die versoek dat die kerkraad dit gewysigd of ongewysigd sal deurstuur na die eerskomende ringsvergadering. Dit kan ook iets wees waaroor versoek word dat die ring dit na die eerskomende sinode sal deurstuur indien die ring die voorstel gewysigd of ongewysigd aanvaar.

**Beslissende stem uitbring:** Handeling wanneer stemme staak. Indien ’n kerkvergadering oor ’n *saak* stem en die stemme daarvoor en daarteen is ewe veel (die stemme “staak”), kan die voorsitter van die vergadering besluit of die saak aanvaar of verwerp word. Word daar oor ’n *persoon* gestem, beslis die voorsitter nie, maar word die lot gewerp.

(Kyk ook “Volstrekte meerderheid”)

**Besondere ampte:** Die “besondere” ampte behels die werk van ’n predikant (profetiese amp); die werk van ’n diaken (priesterlike amp); die werk van ’n ouderling (koninklike amp). Dit hou in dat die predikant in alles wat hy in die kerk doen, soos ’n profeet die Woord van die Here verkondig en toepas; die diaken moet die barmhartigheid van Christus in die gemeente bedien; die ouderling moet soos ’n koning regeer – maar in die kerk behels dit dat hy die gesag van Christus soos in die Bybel geleer, moet toepas.

Elke lidmaat in ’n gemeente staan in die wye sin van die woord in die “algemene” amp (die amp van die gelowige): Hy het die roeping om van die Here te getuig (profeties), om Christus se barmhartigheid en offerbereidheid (priesterlik) na te streef en om koninklik oor die sonde te heers.

**Bestraffing in/buite ’n kerkvergadering:** Vermaning tydens of buite ’n kerkvergadering.

Wanneer ’n dooplidmaat of ’n belydende lidmaat, of ’n kerkraadslid ’n oortreding begaan wat nie so ernstig van aard is dat formele tugmaatreëls toegepas moet word nie, kan volstaan word met ’n vermaning binne die kerkvergadering of daarbuite (in die geval van ’n dooplidmaat natuurlik in teenwoordigheid van die ouers).

**Beswaarskrif:** ’n Dokument waarin gemotiveerde argumente teen ’n besluit van ’n kerkvergadering gestel word. Die bedoeling met ’n beswaarskrif is die aanvulling, wysiging of verwerping van ’n bepaalde besluit.

’n Beswaarskrif word nie by die volgende *meerdere* vergadering ingedien nie, maar by die vergadering wat die besluit geneem het.
Wanneer ’n lidmaat verontreg voel oor ’n besluit van ’n kerkvergadering, of oordeel dat die besluit in stryd met die Skrif, belydenisskrifte of kerkorde is, kan

hy 'n skriftelike beswaar indien by die kerkvergadering wat die besluit geneem het (nl. by die kerkraad, ouderlingeraad, ring, sinode), met die oog op skrapping of verandering van die besluit.

**Betrekkinge met ander kerke:** "Betrekkinge" beteken kontak maak en behou. Dit sluit wedersydse korrespondensie in.

(Kyk ook "Korrespondensie")

**Bevestiging:** Indiensstelling van 'n verkose broeder in 'n amp.

'n Broeder word as predikant, ouderling, of diaken plegtig tydens 'n erediens in 'n amp gestel met gebruikmaking van 'n toepaslike formulier. Geen predikant uit enige ander kerkverband mag die bevestiging van ampsdraers as sodanig in 'n AP kerk (gemeente) behartig nie.

**Bevoegdheid:** Volmag word aan iemand gegee om in 'n bepaalde hoedanigheid te figureer.

Hier gaan dit nie om *bekwaamheid* nie, maar om *volmag* te hê om as ampsdraer te dien en om 'n opdrag uit te voer.

**Bewys van lidmaatskap:** 'n Amptelike ondertekende dokument waarin verklaar word dat 'n bepaalde persoon tot op 'n bepaalde datum 'n doop- of belydende lidmaat van 'n bepaalde kerk was.

Wanneer iemand wat nie 'n lidmaat van 'n plaaslike AP kerk is nie, maar wel van 'n erkende kerk (gemeente) in 'n ander kerkverband, kan hy nie met attestaat "oorkom" nie, maar moet 'n "bewys van lidmaatskap" indien. Dit is dieselfde as "verklaring van lidmaatskap".

’n Attestaat is ’n getuigskrif aan ’n gemeente in *dieselfde* kerkverband waarin getuig word oor die huidige leer en lewe van ’n persoon. Dikwels skakel iemand jare nadat hy sy vorige kerk verlaat het by ’n kerk in. Dan kan hy in elk geval nie ’n attestaat van hulle bekom nie – hulle ken hom nie in sy huidige lewe nie.

Daarom moet hy ’n skriftelike dokument van sy vorige kerkraad indien waarin verklaar word dat hy ’n (doop- of belydende) lidmaat daar was. Dan sal die kerkraad van die betrokke AP kerk verder daarmee handel.

**Bindingskrag van die Kerkorde en sinodebesluite:** Geen lidmaat, ampsdraer of kerkvergadering mag in stryd met die Kerkorde en sinodebesluite handel nie. Net ’n sinode mag daaraan verandering. Sou ’n lidmaat dit doen, kan dit op tug uitloop.

**Broederlike vermaning:** Die aanspreek van ’n lidmaat op ’n liefdevolle wyse.

Lidmate moet mekaar vermaan, maar dit moet soos tussen broeders in die Here geskied, met ander woorde die Skrif moet nagevolg word. Verder is dit spesifiek die taak van die predikant en ouderlinge in ’n gemeente.

(Kyk ook “*Censura morum*” en “Visitatore”)

**Buite kerkverband plaas:** ’n Sinode kan ’n gemeente of gemeentes buite die kerkverband plaas (hulle nie verder as ’n AP kerk reken nie, maar as ’n kerk op hulleself) wanneer die betrokke kerk(e) eiewillig en doelbewus die Kerkorde of sinodebesluite verander, misken, ignoreer, net as riglyn ag, verwerp of verbreek en sodoende hul akkoord met die ander kerke in die verband, verbreek.

**Buite stemming:** Alle lede van ’n kerkvergadering (dienend in die kerkraad, diakonie, ouderlingeraad, ring, sinode) moet oor elke saak stem. Indien iemand by geleentheid nie wil stem nie, moet hy verlof van die vergadering vra om buite stemming te bly.

**Buitekerklikes:** Mense wat by geen kerk ’n lidmaat is nie.

**Buitengewone vergaderings:** Vergaderings wat normaalweg volgens skedule gehou word, is gewone vergaderings. Sodra ’n “spesiale” vergadering gehou moet word, is dit ’n “buitengewone” vergadering. Dit geld vir die diakonie, kerkraad, ouderlingeraad, ring en sinode.

**Burgerlike regspleging:** Die kerk behoort aan die Here. Hy het aan sy kerk die Skrif gegee waarin ook die beginsels van orde, reg en geregtigheid, tug en liefde binne die kerk gebied word. Kerkregering is ’n geestelike saak – daar is nie sprake van straf, tronkstraf, vergelding, ensovoorts nie. Daarom word prokureurs, advokate en regters nie in kerklike sake geraadpleeg of gebruik (“burgerlike regspleging”) nie. Christus regeer deur sy Woord en Gees.

(Kyk ook “Regspleging” en “Ergerlike sondes”)

**C**

***Censura morum:*** Dit is ’n geleentheid waar die predikant, ouderlinge en diakens mekaar aan die einde van ’n vergadering vriendelik en op ’n broederlike wyse vermaan en opskerp om hulle werk te doen.

Die vergadering beslis of so ’n vermaning gepas is.

Dieselfde geld vir afgevaardigdes op ’n meerdere kerkvergadering. Hulle moet in vrede en liefde uiteen kan gaan.

*Censura morum* dien ook daartoe dat die lug tussen broeders gesuiwer word indien nodig.

Daar word geen bespreking toegelaat oor die saak nie en die inhoud daarvan word nie genotuleer nie. Daar word net genotuleer dat *censura morum* plaasgevind het.

***Colloquium Doctum*:** Onderrigtende gesprek met en ondervraging van ’n proponent of ander toegelatene, deur die kuratorium om vas te stel of hy regsinnig en geskik vir diens as predikant in die kerk i (dit is iets anders as ’n proponentseksamen).

**D**

**Demissie:** Eervolle losmaking van ’n predikant van sy gemeente wanneer hy ’n beroep aanvaar het.

’n Predikant in gemeente A aanvaar ’n beroep na gemeente B – dan moet gemeente A aan hom demissie verleen. ’n “Akte van Demissie” word aan hom gegee vir indiening by sy volgende gemeente (B). Ook as die predikant emeriteer of diens weens swak gesondheid moet beëindig.

(Wanneer ’n predikant uit sy gemeente ontslaan word weens ’n dwaling in leer of lewe, kry hy nie demissie nie, maar word hy uit sy amp afgesit.)

**Denominasie:** ’n Klas of groep wat bymekaar hoort.

Die woord “denominasie” is te veel-omvattend om vir ’n aantal plaaslike kerke tesame gebruik te word, omdat dit ook nie-kerklike instellings insluit. “Kerkgenootskap” is ook nie Bybelse of gereformeerd-kerkregtelike terme nie. Vanuit gereformeerde hoek beskou, slaan dié twee woorde net op nie-kerklike instellings. "Genootskap" moet nie gebruik word in die plek van “kerkverband” nie.

“Kerke in kerkverband” is die regte omskrywing, waar “kerke” nie op byvoorbeeld die Gereformeerde Kerk en die NG Kerk slaan nie, maar op plaaslike kerke (gemeentes) wat in kerkverband met mekaar bestaan. Plaaslike gereformeerde kerke is so uniek (“liggaam van Christus”) dat dit nie onder een noemer met elke klas of groep in die samelewing gebring kan word nie.

(Kyk ook “Kerkverband”)

**Deurgee van ’n saak na ’n meerdere vergadering:** Wanneer ’n saak wat op die tafel van ’n plaaslike kerkvergadering dien, nie afgehandel kan word nie, kan dit na die ring deurgegee word. Indien die ring dit ook nie kan afhandel nie, word dit deur die ring na die eersvolgende sinode deurgegee.

(Kyk ook “meerdere vergadering”)

**Dordtse Leerreëls:** Een van die besondere belydenisskrifte van die gereformeerde kerke oor die wêreld heen. Hierdie belydenisskrif is in 1618/19 opgestel en handel oor die Bybelse leer van die uitverkiesing.

## E

**Ekskommunikasie:** Afsnyding van ’n lidmaat van ’n plaaslike kerk wat hom volhardend in leer en/of lewe misgaan en ten spyte van kerklike tug hom nie voor God se wil, soos in die Skrif geopenbaar, wil buig nie.

Wanneer ’n lidmaat weier om terug te keer na die Skrif en om tot bekering te kom, word hy as lidmaat afgesny. Die kerk begeer dat hy daarna wel die eredienste sal besoek, omdat die Here tog steeds in die erediens (natuurlik ook by ander geleenthede) met hom praat, al wil hy nie hoor nie. Die Heilige Gees kan tydens ’n erediens in sy hart ’n ommekeer bewerk (natuurlik ook daarbuite). Helaas bly afgesnedenes normaalweg weg van die kerk. Totdat so ’n persoon weer as lidmaat opgeneem word, geniet hy geen lidmaatsregte nie.

**Ekumeniese betrekkinge:** Die kontak wat kerke in kerkverband met ander Christelike kerke in SA en in die buiteland opneem, veral met ander kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan. Dit word veral onderhou deur korrespondensie.

**Emeritering:** Eervolle uitdienstrede deur ’n predikant (weens ouderdom, swak gesondheid, of liggaamlike onbevoegdheid) met behoud van sy ampstitel en preekstatus. Hy beklee dan die status van ’n emerituspredikant. Hy is dan nie meer noodwendig aan ’n gemeente verbonde nie.

**Emeriti:** Meervoud van emeritus (emeritusleraars).

**Emeritus:** ’n “Rustende” of “afgetreede” predikant.
’n Predikant of teologiese dosent wat weens ouderdom of blywende ernstige siekte uit voltydse diens tree. Hy behou egter sy predikantstatus.

**Emeritusleraar in ander amp:** Mag ’n geëmiriteerde predikant as ouderling of diaken verkies word?

Geen predikant kan tegelyk predikant en ouderling/diaken wees nie. Die amp as predikant duur lewenslank.

**Ergerlike sondes:** Sonde wat bekend geword het, of in die openbaar gepleeg is, wat aanstoot gee.

**Erkende kerke:** Kerke wat in kerkverband saambestaan, kan ander kerkverbande as kerke erken of nie.

Kerke in ’n kerkverband word nie eers kerke wanneer hulle deur ander kerkverbande erken word nie. Kerke in verskillende kerkverbande (in SA en daarbuite), wat in ’n bepaalde verhouding tot mekaar staan op grond van gemeenskaplike belydenisskrifte (dit sluit dus Skrifbeskouing in) en op grond van basies ooreenstemmende kerkordes, kan mekaar as “erkende” kerke aanvaar. Lidmate van plaaslike kerke in daardie verskillende kerkverbande word wedersyds met ’n bewys van lidmaatskap as lidmate opgeneem – byvoorbeeld: Kerke (anders as die eie kerke in kerkverband) wat gereformeerd is (bv. NGK, NHKA, GKSA).

Wanneer een of meer “kerkverbande” ten spyte van die formele aanvaarding van dieselfde belydenisskrifte, ingrypende botsende verskille in die uitleg daarvan handhaaf, kan enige van die ander “kerkverbande” besluit om daardie kerkverband(e) nie meer as “erkende” kerk te ag nie.

Die sinode van die A P kerke besluit watter kerke as erkende kerke geag word.

Geen gereformeerde kerkverband kan ’n ander kerkverband tot kerk *maak/ verklaar* nie. Daar is ’n verskil tussen "erken" en "tot kerk maak". Anders gestel: Die GKSA het nie die reg om te besluit dat die AP Kerk nie ’n kerk is nie. In die

gereformeerde kerkbegrip behoort dit so gesien te word: Elke gereformeerde kerkverband *is* ’n kerkverband – *of enigiemand dit verwerp of nie.*

**F**

**Formulier:** Plegtig-bewoorde dokument wat toepaslike Skrifbeginsels vir bepaalde gebeure in die kerk bevat.

Daar is ’n afsonderlike formulier vir elk van die ondergenoemde geleenthede. Die kerk het hulle saamgestel en voorgeskryf vir gebruik onder die erediens by talle geleenthede, *onder meer* by 1) die bevestiging van: ’n predikant, ’n ouderling; ’n diaken; 2) die twee sakramente, naamlik die doop en die nagmaal.

Daar is ook ’n formulier vir die bevestiging van huwelike, wat nie noodwendig onder ’n erediens plaasvind nie.

**Formuliere van Eenheid:** Benaming vir die drie besondere belydenisskrifte tesame, naamlik die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, die *Heidelbergse Kategismus*, en die *Dordtse Leerreëls* (“Dordtse” is ’n verkorting van “Dordrechtse” en verwys na die dorp Dordrecht).

Wanneer ’n kerkverband een of meer van die belydenisskrite verwerp of wesenlike gedeeltes daarvan uitlaat, verbreek hulle die eenheid wat tussen gereformeerde kerkverbande bestaan (het).

**Frekwensie:** Die aantal kere wat spesifieke vergaderings (soos die kerkraad) in die gewone gang van sake oor ’n bepaalde tydperk heen gehou word.

**G**

**Geheime sondes:** ’n Sonde of sondes wat iemand begaan en in die geheim doen.

Dit kan iets wees wat die sondaar alleen koester sonder dat enigiemand daarvan weet (behalwe die Here natuurlik), maar dit kan ook ’n sonde wees waarby ’n ander mens (of mense) betrokke is.

**Gekombineerde gemeentes:** Gemeentes wat ’n ooreenkoms met mekaar het om een (of meer) predikant(e) vir al die betrokke gemeentes sáám te beroep en te onderhou.

Die gemeentes kom ook ooreen oor die persentasie-bydrae van elke gemeente ten opsigte van die versorging van hulle predikant(e).

Hier is die predikant in diens van elk van die betrokke gemeentes en onder toesig van al die betrokke kerkrade.

[By ’n “Bedieningsooreenkoms” is die predikant net in diens van die gemeente wat hom beroep het (A), maar hy lewer ook diens aan een of meer ander gemeente[s] (B, ens.) teen vergoeding waaroor ooreengekom is. Hy val ook net onder die tugbevoegdheid van A. By B het hy nie stemreg nie en mag hy slegs advies aan B verleen.]

(Kyk “Bedieningsooreenkoms”)

**Gekombineerde kerkraadsvergadering:** ’n Gesamentlike vergadering van meer as een kerkraad wat in kombinasie is.

**Gelde betaalbaar aan die GKK:** Maandelikse kontantbydraes deur elke gemeente (kerk) aan die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie. Van die

totale inkomste van ’n gemeente (dus die lidmate se tiendes) word 15% aan die GKK oorbetaal. Is dit in stryd met die Bybelse tiendes? Nee, want die GKK ontvang nie 15% van ’n *lidmaat* se inkomste nie, maar wel 15% van die *tiendes* van ’n lidmaat. Uiteindelik ontvang die GKK dus 1,5% van elke bydraende lidmaat se inkomste.

**Geloofsbrief:** ’n Dokument waarin verklaar word dat ’n bepaalde persoon(e) deur ’n kerkvergadering afgevaardig is om as sy verteenwoordiger(s) op te tree. Dit word ook “Kredensiebrief” genoem.

So gee ’n kerkraad aan twee ouderlinge en die predikant(e) ’n geloofsbrief na die eersvolgende ring of sinode, sodat daardie vergadering sekerheid het dat hulle afgevaardigdes van daardie plaaslike kerkraad is en volmag het om namens die kerkraad standpunt in te neem.

**“Gemeentevergadering”:** ’n Byeenkoms van die kerkraad, waartoe die gemeente opgeroep word. Die korrekte benaming is ’n ”vergadering van die kerkraad waartoe die gemeente opgeroep word”.

Wanneer die kerkraad die gemeente tot ’n vergadering oproep, word daardie byeenkoms benaam as “vergadering van die kerkraad waartoe die gemeente opgeroep is”. Op daardie vergadering word nie gestem nie. Gemeentelede kan tydens so ’n vergadering voorstelle aan die kerkraad maak, maar nie self besluite neem nie. Die voorstelle word later deur die kerkraad oorweeg en ’n finale besluit word oor die saak geneem.

Die enigste geleenthede waar gemeentelede saam met die kerkraad ’n besluit neem, is by die verkiesing van ouderlinge en diakens; by die beroep van predikante; by die besluit of ’n gemeente ontbind word.

Daar is nie, kerkregtelik gesproke, so iets as ’n “gemeentevergadering” nie. Die enigste kerkvergaderings is die kerkraad, ouderlingeraad, diakonie, ring en sinode.

**Gerug:** Onbevestigde stories of negatiewe bewerings wat oor ’n lidmaat. versprei word.

**Geslote stembrief:** ’n Papier waarop gestem word vir ’n persoon (of persone) ten einde te bepaal watter persoon deur almal saam verkies word om ’n bepaalde taak te verrig (bv. wanneer ’n predikant beroep word, of ’n ouderling of diaken gekies word).

Daar word deur middel van stembriefies oor *persone* gestem, byvoorbeeld vir wie elke belydende lidmaat wat teenwoordig is, stem om ’n diaken te word.

Niemand mag sien wie vir watter persoon stem nie. Die stembriefie word nie onderteken nie. Dit is “geslote”. Later word al die stembriewe getel en vasgestel wie gekies is. Indien dit nodig is, kan dit ook so gereël word wanneer oor ’n *saak* gestem moet word, byvoorbeeld as daar gestem word oor die vraag of die gemeente moet afstig, maar daar ernstige teenoormekaarstaande gevoelens en twiste bestaan. Die kerkraad kan dan besluit of per geslote stembrief gestem sal word of nie, maar normaalweg word in hierdie geval met die opsteek van hande gestem.

(Kyk ook “Staking van stemme”)

**Geslote/oop vergaderings:** ’n Geslote vergadering is een waar net die lede van daardie vergadering teenwoordig is. Hulle mag wel iemand van buite inroep om inligting te gee, of oor iets of iemand te getuig. Onmiddellik daarna moet hulle wat ingeroep is, die vergadering verlaat.

’n Oop vergadering is een waar enigiemand die vergadering mag bywoon en enduit teenwoordig mag wees. Byvoorbeeld: ’n kerkraad vergader saam met die gemeente oor ’n uitstappie wat gereël moet word. Dan kan enige gemeentelid (ook dooplidmate) teenwoordig wees en aan die besprekings deel hê. (Die kerkraad besluit daarna formeel oor die saak, al is dit net dat die gemeente se reëlings bevestig word.)

Daarteenoor is meerdere vergaderings altyd oop. Wanneer vertroulike sake hanteer word, moet die besoekers die vergadering verlaat. Hulle kan daarna weer die vergadering bywoon.

**Groslys:** Die somtotaal van nominasies wat van die gemeente gevra is met die oog op die verkiesing van ’n ampsdraer(s) en wat die kerkraad suiwer en mag aanvul.
Wanneer daar van die gemeente nominasies gevra word met die oog op die verkiesing van ’n ampsdraer (predikant, ouderling of diaken), word ontvange nominasies die “groslys” genoem, waaruit die kerkraad ’n kortlys saamstel met die oog op latere stemming daaroor. In die opstel van die kortlys, haal die kerkraad die name van persone wat reeds uit die gemeente vertrek het af, of wat nog nie formeel as lidmate opgeneem is nie, of wat onder sensuur is.

(Kyk ook “Kortlys”)

**H**

**Heimlike sondes:** Kyk “Geheime sondes”.

**Heropname:** Iemand wat voorheen lidmaatskap met die kerk opgesê het, kan later aansoek doen om weer opgeneem te word. ’n Bepaalde pad word hieroor

deur die ouderlingeraad geloop en dié besluit of die persoon weer opgeneem kan word.

Indien die lidmaat ná die toepassing van die tug van die gemeente afgesny is en die begeerte het om weer 'n lidmaat van die gemeente te word, word gebruik gemaak van die *Formulier vir heropname van 'n afgesnyde lidmaat*.

**Herstel van lidmaatskap:** Wanneer 'n lidmaat geëkskommunikeer is (kyk "Ekskommunikasie") en hy hartgrondige berou betoon en bewys, kan die ouderlingeraad sy aansoek om heropname hanteer en sy lidmaatskap herstel.

**"Hoër beroep":** 'n Appèl teen 'n besluit van 'n mindere vergadering word na 'n meerdere vergadering gestuur.

Hoewel dit 'n baie ou gebruik is om van "hoër beroep" te praat wanneer na 'n meerdere vergadering geappelleer word, is die woord "hoër" nie die regte keuse nie. Dit roep die kollegialistiese opvatting van "hoër" vergaderings (dus die ring en sinode het meer gesag, is hoër, as die kerkraad en praat met groter mag) voor die gees. Dit bring verwarring wanneer dit in stryd staan met die gereformeerde (Bybelse!) standpunt dat die ring en sinode nie hoër as die kerkraad is nie, omdat die *vergadering* nie die gesag bepaal nie, maar wel die *Skrif*. Daarom kan 'n besluit van 'n kerkraad meer Skriftuurlik wees as dié van 'n ring of sinode – vandaar dat daar iets soos beswaarskrifte en appèlle bestaan. Die korrekte woord is "meerdere" vergaderings, omdat daar meer as een gemeente in hulle afgevaardigdes teenwoordig is. Daarmee word bedoel dat die groter getal kerkrade wat verteenwoordig word, waarskynlik makliker by die regte Skrifuitsprake oor 'n saak kan kom.

**Hoof van die kerk:** Hy wat oor die kerk regeer.

Die predikant is nie die hoof van die plaaslike kerk nie. Die direkteur by die Sentrale Kerkkantoor is nie hoof van al die kerke (gemeentes) in die land nie. Die kerkraad is ook nie die hoof nie.

Die enigste Hoof van die plaaslike kerk en sy kerke wêreldwyd, is Jesus Christus, omdat alle mag in hemel en op aarde aan Hom gegee is en Hy oor die kerk deur sy Woord en Gees regeer.

Daarom moet die kerke, ringe en sinodes almal die wil van die Here oor elke saak in die Bybel soek. Indien hulle dit vind, dra hulle besluit die hoogste gesag. Ons praat nie van 'n hoër gesag van 'n ring bo 'n kerkraad nie, of 'n sinode bo 'n ring nie, want die kerke en meerdere vergaderings moet hulle almal aan die gesag van Christus (wat in die Bybel aan ons geopenbaar is) onderwerp.

**Huisbesoek deur ouderlinge:** Ouderlinge staan onder die roeping wat hulle verplig om by hul wykslidmate besoek af te lê.

'n Ouderling het nie net die voorreg om sy wykslidmate te besoek nie, maar hy is deur die Here geroep, en opgedra, om in die gemeente toesig te hou. Dit sluit huisbesoek in. Daarom mag lidmate nie 'n ouderling (of predikant, of diaken) toegang tot hulle woonplek weier nie. Hy moet by die huisbesoek Skriflesing en voorbidding doen. Verder moet hy liefdevol vermaan waar nodig.

Hy nooi nie lidmate om nagmaal toe te kom nie, maar wys hulle op die feit dat Christus dit ingestel het, sodat sy kinders dit moet gebruik.

**Huweliksbevestiger:** Die staat wys huweliksbevestigers aan om man en vrou wettiglik te laat trou. Dit bring baie belangrike regte vir man en vrou mee – dink byvoorbeeld aan die situasie waar die man sonder 'n testament sterf – dan is daar beskerming vir die vrou en kinders.

Predikante is meestal ook as huweliksbevestigers benoem. In die kerk tree die dominee nie net as staatsregtelike bevestiger op nie, maar doen hy veral kerklike werk – hy bevestig die huwelik kerklik. ’n Gelowige egpaar is begerig om in die Naam van die Here as lewensmaats aan mekaar verbind te word en Hom lewenslank saam te dien.

**I**

**Independentisme:** ’n Vorm van kerkregering waar elke gemeente sy eie besluite neem sonder in agneming van enige ander gemeente.
Die independentisme staan teenoor die gereformeerde beginsel van kerkverband en presbiteriale (ouderlinge) kerkregering (kyk “Kerkverband”).

**Indringing in die diens van ’n ander:** Iemand bepaal hom nie by sy eie roeping nie, maar betree die ruimte van ander geroepenes.

Wanneer ’n predikant wat nie die predikant van gemeente A is nie, sommer as hulle dominee begin optree, soos om daar huisbesoek by lidmate te doen, dring hy hom in die diens van ’n ander predikant in. Dit is wat gebeur ongeag of hy daarvoor geldelike vergoeding ontvang of nie.

In die geskiedenis het dit inderdaad gebeur dat predikante wat nie beroepe gekry het nie, so opgetree het. So maak hy hom tugwaardig. So ’n predikant maak hom ook dikwels skuldig aan kwaadsprekery teen die dominee van daardie gemeente, met die bedoeling om hom te vervang.

Geen predikant wat wel in ’n gemeente(s) (A) bevestig is as voltydse predikant, of met beperkte opdrag, of met beperkte dienstermyn, mag sonder die toestemming van die kerkraad van ’n ander gemeente (B) daar preek, of enige

diens in daardie ander kerk (B) lewer nie. Dit geld ook vir leraars wat kragtens 'n bedieningsooreenkoms in A dien.

**Inheemse kerk:** Kerke binne een land.

Die kerke in SA is inheems. Kerke buite SA is uitheemse kerke.

**K**

**Karakter van kerkvergaderings:** Die wese en uniekheid van kerkvergaderings.

Kerkvergaderings dra 'n geestelike karakter. Daarom word in kerklike opsig en tug nie gehandel soos in gewone howe nie. In die kerk gaan dit nie om vergelding nie, maar om die oproep tot bekering, die stigting van die gemeente en die eer van God.

Kerklike sake word op 'n kerklike wyse hanteer. Ouderlinge (wat in die regeer-amp staan), moet gekenmerk word aan hulle vaderlike optrede teenoor die oortreders en aangeklaagdes, hulle ootmoed voor die Here, hulle liefde vir God bo alles en almal, hulle regverdigheid en onbevooroordeeldheid.

**Kategismusprediking:** Prediking uit die Skrif oor die inhoud van die belydenisskrif genaamd die *Heidelbergse Kategismus*.

Die Kategismus is een van die kerk se belydenisskrifte. Dit is geskryf in vraag- en antwoordvorm en is daarom uitnemend geskik vir onderrig. Die inhoud is Bybels verantwoord en moet dus ook in die erediens aan die orde kom. Die predikant preek egter nie die *Kategismus* nie, want dit is nie die Bybel self

nie. ’n Predikant mag net die *Skrif* preek, maar in “Kategismus-preke” word die inhoud van een of meer vrae en antwoorde, vanuit die Skrif behandel.

In die AP kerke moet daar minstens 18 keer per jaar kategismuspreke gehou word. Dit is uitstekende toerusting vir die gemeente.

Verder moet gereeld ook spesifiek oor aspekte van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* en van die *Dordtse Leerreëls* gepreek word.

**Kerkbegrip:** Hoe die kerk deur gelowiges in die lig van die Skrif verstaan word.

Die woord “kerk” het ’n ryke betekenis, byvoorbeeld: hulle wat aan die Here behoort; die liggaam van Christus (waarvan Hy die Hoof is); die vergadering van die gelowiges; die gemeenskap van die heiliges, die uitverkorenes; kudde. Christus is die Koning van die kerk – Hy regeer. Die kerk moet in alles besig wees met Christus-bediening.

Die naam van al die Afrikaanse Protestantse gemeentes tesame, word *Die Afrikaanse Protestantse Kerk* genoem. Dit is bloot ’n versamelnaam van al die kerke (gemeentes) tesame en is nie self ’n “kerk” nie. Die plaaslike gemeente is die kerk. ’n Ring en sinode is *vergaderings* van afgevaardigdes uit al die kerke (gemeentes).

Daar is net twee betekenisse van die woord ”kerk”: die plaaslike kerk of gemeente; en die universele kerk (die ware gelowiges oor die wêreld deur die eeue heen).

Lidmate is lidmate van die *plaaslike kerk*. Hulle is nie lidmate van al die kerke wat kerke in *kerkverband* vorm nie. Dus: Niemand is ’n lidmaat van die Afrikaanse Protestantse Kerk nie. (Wie sou daardie “kerk” se ouderlinge wees?

Waar hou hulle eredienste? Hou hulle nagmaal? Doop hulle babas?) Elke lidmaat is net ’n lidmaat van bv. AP Kerk Alkantrant, of AP Kerk Bosveld, ensovoorts.

Ringe en sinodes is nie kerke nie, ook nie oorkoepelende strukture oor die plaaslike kerk nie, maar wel *vergaderings* van afgevaardigde predikante en ouderlinge vanuit plaaslike kerke in ’n bepaalde gebied.

**Kerkgenootskap:** Die volgende omskrywing van kerk en kerkverband kan nie onderskryf word nie omdat die kerk nie ’n vereniging is nie, maar ’n gestalte van die liggaam van Christus : ’n “Genootskap” is volgens HAT ’n *vereniging* van persone wat ’n bepaalde gemeenskaplike doel nastreef. Dié woordeboek omskrywe ’n *kerk*genootskap as ’n vereniging van almal wat tot dieselfde kerk behoort.

Die onsigbare kerk is volgens die Skrif die uitverkorenes van God, die “uitgeroeptes”, die liggaam van Christus, die tempel van die Heilige Gees. Hierdie kerk bestaan uit die uitverkore kinders van God, van Adam af tot by die wederkoms.

Die sigbare plaaslike kerk is ’n *vergestalting* van die liggaam van Christus in die tyd op ’n spesifieke plek – ’n gemeente, ’n vergadering van die gelowiges, die gemeenskap van die heiliges, ’n kudde. Ook hier is geen sprake van ’n vereniging (genootskap) nie.

Die kerkverband is ook nie ’n kerk nie – kyk “Kerkverband volgens gereformeerde beskouing”.

Die kerk is ’n stigting van God – ’n vereniging is ’n stigting van mense.

In die lig van dit alles kan die kerk nie onder dieselfde noemer as ’n genootskap geplaas word nie.

Bronkhorst verduidelik in *Christelijke Encyclopedie* 4, bladsy 220 dat “kerkgenootskap” reeds vanaf 1796 gesien is as iets van ’n genootskap met die owerheid. Hy sê dat genootskap van 1806 af gesien is as “godsdienstiggesindes” en dat dit op alle godsdienste geslaan het. Selfs toe daar in 1848 na die term “kerkgenootskap” teruggekeer is, het die uitverkiesing en genadeverbond op die agtergrond geraak. ’n Dreiging het ontstaan om die kerk as ’n vereniging te sien met die gemeentes as afdelings daarvan.

In moderne tye word kerk as *kerkgemeenskappe* gesien.

**Kerklike “korrespondensie”:** – Kyk “Korrespondensie”.

**Kerkorde:** Die opskrifgestelde kerkregeringsbeginsels vir die orde wat in die kerk geld en wat op die Skrif gegrond is. Verder ook kerkregtelike reëlings.

Die kerkorde bevat nie “wette” nie, maar kerkordelike bepalinge wat op beginsels van die Skrif gebaseer is. Dit behels ooreengekome kerkregtelike uitgangspunte en bepalinge, byvoorbeeld ten opsigte van wat “kerk”, kerkverband, lidmaatskap, die ouderlinge-amp; ringsbevoegdhede en -werksaamhede, vermaning, tug en baie ander sake behels.

**Kerkraadsvergadering waartoe gemeente opgeroep word:**
Byeenkoms van ’n kerkraad saam met die lidmate.

Die plaaslike kerkraad is die regspersoon wat besluite namens die gemeente neem en wat aanspreeklik is oor alles wat gedoen en besluit word.

Die gemeentelede kan slegs in drie gevalle saam met die kerkraad besluite neem: 1) by die beroeping van 'n predikant; 2) by die verkiesing van ouderlinge en diakens 3) by die besluit of 'n gemeente ontbind moet word.

Daar is nie so iets soos 'n "Gemeentevergadering" nie. Dit is altyd 'n *kerkraads*vergadering. Wanneer die gemeente opgeroep word om by bogenoemde geleenthede saam met die kerkraad te besluit, is dit 'n "vergadering van die kerkraad waartoe die gemeente opgeroep is".

**Kerkregtelike advies:** Die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) word by elke sinode vir die volgende termyn aangewys. Hierdie kommissie lewer kerkregtelike advies aan lidmate, kerkraadslede, kerkrade, ouderlingerade, ringe, ringskommissies en permanente sinodale kommissies, wanneer hulle die versoek aan die KKS rig. Verder lewer die KKS ook advies aan sinodes oor bepaalde sake.

**Kerkverband volgens gereformeerde beskouing:** Plaaslike kerke (gemeentes) bind op grond van gemeenskaplike oortuigings ten opsigte van Skrif, belydenis en kerkorde saam om in een kerklike band te lewe. Oor gemeenskaplike sake word saam besluit en kerke in kerkverband staan mekaar as 'n geloofsgemeenskap by.

Sodoende word die eenheid in kerkregering (maar tog ook in leer en lewe) bewaar.

Gereformeerde kundiges (kyk Nauta in *Christelijke Encyclopedie*) omskryf "kerkverband" ook as die vaste en blywende gemeenskap waarin plaaslike kerke onderling aan mekaar verbonde is ten opsigte van gemeenskaplike beslissings. Dit stel hom teen die independentisme waar elke gemeente sy eie besluite neem sonder raadpleging van enige ander gemeente.

Omdat “kerkgenootskap” in die geskiedenis ook insluit dat dit op verskillende godsdienste tesame wys, kan dié woord nie “kerkverband” omskrywe nie. Verder sluit “kerkgenootskap” ook kerke in waar die uitverkiesing en die genadeverbond op die agtergrond geraak het (kyk Bronkhorst in *Christelijke Encyclopedie*).

Gereformeerde kerke behoort nie die woorde “kerkgenootskap” en “denominasie” te gebruik om “kerkverband” te omskrywe nie.

Die kerkverband is nie ’n kerk nie, maar ’n band tussen plaaslike gemeentes, of kerke, wat een kerklike gemeenskap uitmaak. Wanneer van die “AP Kerk” gepraat word, gee dit die “AP kerke in kerkverband” weer. Hier is “kerk” bloot ’n versamelnaam om al die plaaslike kerke (gemeentes) in dieselfde gemeenskap van kerke aan te dui.

(Kyk ook “Denominasie” en “Kerkgenootskap")

**Klag:** Skriftelike beskuldiging teen ’n ander.

Lidmate en ampsdraers wat nie onder sensuur is nie, mag by die ouderlingeraad klagtes indien. Dit kan wees teen ander lidmate en/of teen ampsdraers (insluitende predikante).

Die klagskrif moet skriftelik wees en ’n kopie daarvan moet aan die aangeklaagde (beklaagde) so betyds besorg word dat hy sy hul verweer kan voorberei voordat die ouderlingeraad die persoon daaroor nader.

Die klag kan handel oor dwaling in leer en/of lewe en moet deeglik gemotiveer word. (Daar is nog heelwat verdere beginselsake waarmee rekening gehou moet word – vergelyk die Kerkorde.)

**Kollegiale kerkregeringstelsel:** ’n Regeringstelsel van ’n godsdienstige vereniging waar die Skrif nie die absolute bron vir die kerk is nie, maar die meerderheid van stem.

In hierdie stelsel van kerkregering is die kerk nie ’n stigting van God nie, maar bloot van mense. Die kerkregering is in die hande van ’n kollege (vereniging). Elke gemeente is só ’n kollege onder die groot landswye kollege.

Hulle handhaaf die mens se vrye wil (dit hang van die mens af of hy gered word of nie) – ook wat die kerk en die kerkregering betref. Die kerk is in sy geheel ’n vereniging soos enige ander vereniging. So ’n vereniging kan op enige plek tot stand kom, byvoorbeeld op elke dorp. ’n Mens lê nie belydenis van geloof af nie, maar word deur die kerk “aangeneem”. Die Skrif is nie die maatstaf vir wat geglo of gedoen moet word nie, maar die maatstaf is die meerderheid van stem. Hulle glo aan ’n kerkregering wat aan die staat onderworpe is (*Christelijke Encyclopedie*).

**Kombinasie:** Ooreenkoms tussen twee of meer gemeentes om saam te span ten opsigte van die beroep en onderhouding van ’n gemeenskaplike predikant(e), sonder dat enige van die gemeentes sy selfstandigheid prysgee.

'n Kontrak word tussen die gemeentes wat in kombinasie is, aangegaan ten opsigte van hulle gemeenskaplike predikant. Daarin moet alles waaroor ooreengekom is met betrekking tot die predikant se diens in die gemeentes, vervat word. Dit bevat ook elke gemeente se verpligtinge teenoor mekaar en die predikant. Daardie dokument word ’n “kombinasie-akte” genoem.

(Kyk ook “Akte”)

Die predikant is voluit herder en leraar van elke gemeente. Hy val onder die tugbevoegdheid van die gekombineerde ouderlingerade afsonderlik en gesamentlik.

(Kyk ook “Beëindiging van kombinasie”, “Gekombineerde Kerkraadsvergadering”, “Ontbinding van gemeente”, “Predikant kan nie meer bekostig word nie”.)

**Kombinasie-akte:** (Kyk "Kombinasie".)

**Kondonasie:** Kwytskelding.

Dit gaan oor on-Bybelse optrede wat kwytgeskeld word.

Dit is iets anders as om sonde te vergewe. Kondonasie is om sondige optrede te ignoreer, te duld. Dit kom neer op die goedkeuring of goedpraat van sonde.

Die sinode van 1995 (Ko. Afdeling 5; Sinodebesluite. Punt 16) het besluit dat kondonasie nie in die AP Kerk toegelaat word nie.

**Koningskap van Christus:** Dit wat Christus se koningskap behels.

Christus is die Koning van die kerk. Hy regeer. Die lidmate en alle kerkvergaderings moet Christus as Koning bely en dien. Dit hou ook in dat daar

altyd en in alles gebuig moet word voor Christus, sy leringe en sy wil, soos in die Skrif vervat is.

**Konstituering:** ’n Vergadering konstitueer voordat hy open en met sy werksaamhede begin. Om as wettige vergadering te kan konstitueer, stel die aanwesige lede vas of daar:

a) behoorlik kennis gegee is van die vergadering (Bep. 34A en 34B); en

b) ’n kworum aanwesig is (Ordereëls 7 tot 9).

**Konstitusie:** Grondwet.

Dit bevat basiese, onveranderlike beginsels. Die “grondwet” van die kerk is die Heilige Skrif. Daar mag niks daaraan verander word nie. Ons sou ook kon sê dat die grondwet vir elke kerklidmaat en vir elke kerklike regspersoon ook die belydenisskrifte sal wees, juis omdat dit die grondwaarhede van die Skrif weergee.

Belydenisskrifte word beswaarlik verander omdat hulle die beginsels van die Skrif getrou weergee (die *quia*-standpunt). Alhoewel die Kerkorde verander kan word omdat die konkrete toepassing van orde in die kerk nie in alles presies in die Skrif uitgespel word nie, handhaaf die Kerkorde in sy wese die Skrif. Daarom is die basiese kerkregeringsbeginsels konstitusioneel.

**Konsulent:** ’n Predikant wat aangewys is om ’n gemeente waar hy nie as hulle herder en leraar bevestig is nie, by te staan waar nodig.

Die ring wys vir elke gemeente ’n konsulent aan. Hy bedien hulle wanneer hulle sonder ’n predikant is.

Die kerkraad kom met die konsulent ooreen oor die omvang van sy diens in daardie gemeente. In bepaalde omstandighede *moet* hy as voorsitter van die ouderlingeraad optree, soos wanneer daar ’n klag teen die predikant van die “konsulentsgemeente” is, of die predikant van die gemeente die band met die gemeente wil laat losmaak.

Die kerkraad kan die konsulent ook vra om as voorsitter te kom optree. Die konsulent is by daardie geleenthede voorsitter, maar het nie stemreg nie en maak nie deel van die kworum uit nie.

Predikante van verskillende gemeentes mag, sover moontlik, nie oor en weer mekaar se konsulente wees nie. ’n Konsulent se konsulentsgemeente(s) moet hom op hoogte van sake hou en by hom advies en leiding verkry.

**Korrespondensie:** ’n Vrywillige ooreenkoms tussen een kerkverband en ander kerkverbande in Suid-Afrika of in die buiteland, indien die kerke dieselfde gereformeerde belydenis onderskryf.

Dit beteken dat daar ’n baie nouer verband tussen die korresponderende kerkverbande bestaan as met kerkverbande wat nie die gereformeerde belydenis handhaaf nie.

(Kyk ook “Erkende kerke”)

**Kortlys:** Die name van persone wat vir ’n amp genomineer is en deur die kerkraad gesuiwer is.

Met die oog op verkiesing van ampsdraers, word nominasies van die gemeente gevra. Die kerkraad stel dan vas of daar genomineerdes is wat nie verkiesbaar is nie, byvoorbeeld ’n predikant wat pas ’n beroep na ’n ander gemeente

aanvaar het, of onder sensuur is, of reeds oorlede is; of ’n lidmaat wat as ouderling genomineer is, maar nog nie as lidmaat opgeneem is nie, of onder sensuur is. Sodanige persone word van die groslys afgehaal. Wie oorbly, vorm die kortlys.

(Kyk ook “Groslys”)

**Kredensiebrief:** Kyk “Geloofsbrief”.

**Kworum:** ’n Volstrekte meerderheid van die lede van ’n vergadering vorm ’n kworum. In die bepaling van die getal waaruit die kworum bereken word, moet die aantal vakatures en verskonings (kragtens Ordereël 7) wat onvermydelik is, afgetrek word.

**L**

**Lasgewing:** Skriftelike opdragte wat elke sinode aan elkeen van sy permanente kommissies opdra, en wat ná afloop van die sinode uitgevoer moet word.

Permanente kommissies verskil van tydelike kommissies daarin dat eersgenoemde aangewys is as kommissie wat bly bestaan tot die volgende sinode. Tydelike kommissies word net aangewys vir die duur van ’n sinode.

Die permanente kommissies het ná afloop van die sinode bepaalde bevoegdhede en opdragte. Dit is hulle “lasgewing”. Hulle moet aan die volgende sinode oor die uitvoering van hulle opdragte rapporteer.

**Leesdiens:** ’n Erediens waarin ’n goedgekeurde preek op versoek van die kerkraad deur ’n manlike lidmaat van die gemeente voorgedra word en hy die erediens lei.

Wanneer ’n gemeente nie ’n predikant het nie, kan die kerkraad reël dat AP kerpredikante van elders die eredienste sal behartig. Daardie predikante moet steeds die status van predikant hê (dit wil sê nog in dié amp in die AP kerkverband staan). Indien predikante (met status) nie beskikbaar is nie, word “leesdienste” gehou. Die kerkraad kan enige bevoegde manlike lidmaat van die gemeente vra om ’n erediens te lei met gebruikmaking van preekbundels wat amptelik deur die AP Kerk goedgekeur is, of ’n preek wat deur ’n predikant uit die AP Kerk geskryf is.

Die manlike lidmaat wat die preek voordra, sê duidelik wie se preek voorgehou word. Verder mag hy nie sy eie gedagtes in die preek byvoeg nie.

Indien die kerkraad ander persone gebruik, stel hy hom buite die orde en dissipline van die kerkverband en daarmee buite die kerkverband self. Dit kan daartoe lei dat die band met daardie gemeente afgesny word.

Die voorganger by ’n leesdiens mag nie die seën aan die begin en aan die einde van die erediens met opgehewe hande uitspreek nie. Die beste is om die seën as gebed te hanteer, met ander woorde daar word om die seën van die Here gebid.

Die leesprediker kan nie op vergoeding vir sy optrede aanspraak maak nie.

**Legitimasie:** Die woord “legitimasie” dui op wettiging. Dit is die wettige beroepbaarstelling van ’n afgestudeerde teologiese student wat dan die status van proponent het.

**Lidmaatskap:** Toestand van lid (lidmaat) te wees.

’n Persoon kan net lidmaat (een van die lede van die liggaam van Christus) van ’n plaaslike kerk wees en nie van die AP kerke in kerkverband nie.

Iemand kan dus net lidmaat wees van byvoorbeeld die “AP Kerk Riviersdrif” – maar nie van “die AP Kerk” nie. Die rede is dat die kerkverband nie ’n kerk is nie, maar ’n versamelnaam vir al die plaaslike AP kerke tesame.

**Lidmaatskap van persone wat elders werk:** Die stand van ’n gelowige se band met sy gemeente wanneer hy elders werk.

Indien iemand as gevolg van sy werk of studie aan ’n tersiêre inrigting, in die week in gemeente B verkeer, maar meestal op Sondae in gemeente A is (waar hy gewoon het voordat hy elders gaan werk of gaan studeer het), moet die twee ouderlingerade besluit waar die persoon lidmaat sal wees, met inagneming van die persoon se wense.

**Lidmate val onder ouderlingerade:** Net die ouderlingeraad van die gemeente waar iemand lidmaat is, het kerklike tugbevoegdheid oor hom.

**Lidmate vermaan mekaar:** Dit is ’n Bybelse beginsel dat lidmate mekaar oor afdwaling in leer en/of lewe in broederlike liefde moet vermaan. Die Christelike liefde vir mekaar word ook so uitgelewe.

**Losmaking:** Eervolle ontheffing van ’n ampsdraer van sy amp.

Wanneer ’n diaken of ouderling se dienstermyn verstryk het en hy weens bepaalde omstandighede nie vir nog ’n termyn sal dien nie, of wanneer sy

versoek om uit die amp te tree, goedgekeur word, maak die kerkraad hom los uit die amp.

In bepaalde omstandighede word ’n predikant ook uit sy amp losgemaak.

**Lot werp:** ’n Handeling waardeur die beslissing van die Here biddend gevra word wanneer stemme by die verkiesing van ampsdraers (mense) staak.

Wanneer stemme by die verkiesing van diakens of ouderlinge staak (dit wil sê die twee broeders – *mense* – waaroor uiteindelik gestem word, kry ewe veel stemme), word náa ’n gebed met die lot beslis wie verkies is. Dit word byvoorbeeld gedoen deur die twee name op presies eenderse papiertjies te skrywe en in ’n houer te plaas, waarna een van die papiertjies sonder om na hulle te kyk, uitgehaal word. Die persoon wie se naam op daardie papiertjie verskyn, is dan die een wat die Here aangewys het.

Wanneer oor *sake* (nie mense nie) nie ’n meerderheid van stemme daarvoor (of daarteen) behaal word nie, het die voorsitter van die vergadering ’n beslissende stem. Die lot word nie gewerp nie.

(Kyk ook “Beslissende stem” en “Volstrekte meerderheid”)

**M**

**Maatstawwe vir kerklike tug:** Grondbeginsels vir optrede teen ongehoorsames in die kerk.

Tug gaan om die handhawing van die eer van God wanneer iemand volhardend aan Hom ongehoorsaam is.

Tug moet ooreenkomstig God se openbaring in die Skrif geskied; dit moet eendrag en eenheid bevorder en bewaar; dit moet met broederliefde, maar liefde tot God bo alles en almal, geskied.

**Meerdere vergaderings:** Kerklike vergaderings wat telkens tot stand kom wanneer ampsdraers deur ’n aantal kerkrade afgevaardig word om tesame so ’n vergadering te konstitueer ten einde gemeenskaplike sake te behandel.

So ontstaan ringe en sinodes wat almal tydelike vergaderings is en tot ’n einde kom wanneer hul sakelyste deurgewerk en die vergadering afgesluit is.

Dus, behalwe die blywende vergaderings van die diakonie, die ouderlingeraad en die kerkraad, is daar ook “meerdere vergaderings” wat kom en gaan.

Dit is nie korrek om van ringe en sinodes as “hoër” vergaderings te praat nie. By die ring en sinode is broeders wat uit *meer* kerke afgevaardig is. Meer broeders, in die sin van broeders uit meer gemeentes (daarom, ook wat groter objektiwiteit meebring) delf in die Skrif oor wat ten opsigte van elke saak geopenbaar is, met ander woorde wat navors wat die Skrif sê. Of só gestel: wat die wil van God is.

Dis heel waarskynlik dat al die afgevaardigdes uit baie kerke, makliker saam die wil van God kan vasstel en toepas, as wat enkele broeders in die kerkraad dit kan doen – hoewel nie noodwendig nie (kyk "Hoër beroep"). Daarom word gepraat van “meerdere” vergaderings en nie “hoër” vergaderings nie.

Natuurlik is die gesag van Christus letterlik die *hoogste* gesag. Daar kan ook teen ’n ringsbesluit na ’n sinode geappelleer word. *Elke* vergadering (kerkraad, ouderlingeraad, diakonie, ring, sinode) *moet* sy besluite in die lig van die Skrif neem. Daarom het ’n sinode nie groter gesag as ’n kerkraad nie – albei wil

Skrifbeginsels vind en toepas. Albei soek die enigste en tegelyk die hoogste gesag, naamlik dié van die Hoof van die kerk, die Here Jesus Christus.

**Mindere vergaderings:** Vergaderings van die kerkraad en van die ring – waar minder gemeentes verteenwoordig is as by die sinode.

Hierdie vergaderings moet almal die wil van die Here in al hul handelinge en besluite soek – daarom is die een nie aan die ander ondergeskik ("laer" of "hoër") nie.

Die *kerkraad* is ’n *mindere* vergadering omdat die lede daarvan net uit *een gemeente* kom. Die *ring* is ’n meerdere vergadering omdat *meer gemeentes* daarop verteenwoordig word. Die ring is egter in vergelyking met ’n sinode ook ’n mindere vergadering, omdat die ring minder kerke verteenwoordig. ’n Sinode is altyd ’n meerdere vergadering omdat *al die gemeentes* oor die land heen daarop verteenwoordig is, of kan wees.

Gewoonlik het ’n kerkraad minder kerkraadslede as wat op ’n ring dien. Dit gebeur natuurlik ook dat daar in groot gemeentes meer kerkraadslede as by hulle ring is. Dit maak die kerkraad nie ’n meerdere vergadering nie. Die ring is ’n meerdere vergadering, nie omdat hy noodwendig meer lede as enige kerkraad het nie, maar omdat meer as een kerkraad op die ring verteenwoordig word. Dit bring moontlik meer kundigheid mee, maar in elk geval meer objektiwiteit.

**N**

**Naam van AP Kerk:** Kyk "Kerkbegrip".

**Nadelige gerug:** Onbevestigde, negatiewe bewerings of stories wat oor ’n lidmaat versprei word.

Nadelige gerugte bring die naam van die lidmaat en die kerk in gedrang. Dit tas God se eer aan, is skadelik vir die kerk van die Here en vir die lidmaat self. Die ouderlingeraad moet die gerugte ondersoek en tot die waarheid deurdring. Dit mag tugstappe teen die verspreiders daarvan meebring.

(Kyk ook “Stuit” en "Verspreiding van nadelige gerug")

**Nagmaalsbediening:** Die voorlees van die Nagmaalsformulier en die hantering van die nagmaalsverrigtinge aan die nagmaalstafel deur ’n AP Kerk-predikant.

Die sinode bepaal wie nagmaal in ’n AP Kerk (gemeente) mag bedien.

**Nagmaal, getuienis:** Positiewe aanbeveling (verkieslik skriftelik) by die ouderlingeraad oor die leer en lewe van ’n aansoeker (besoeker).

’n Besoeker vanuit ’n ander plaaslike AP Kerk en van ander gereformeerde kerke (erkende kerke) moet vooraf aansoek doen. Hy moet ’n aanbevelingsbrief van sy eie ouderlingeraad saambring, dan kry hy toegang tot die nagmaal.

Indien daar nie so ’n aanbeveling beskikbaar is nie, mag die positiewe aanbeveling van ’n gemeentelid ook aanvaar word. Die doel van so ’n aanbeveling is om positiewe getuienis aan die ouderlingeraad te lewer sodat toestemming verleen kan word dat die besoeker by ’n spesifieke nagmaal saam met die gemeente nagmaal mag vier. Dit sou onverantwoordelik wees indien die ouderlingeraad ’n besoeker wat aan niemand in die hele gemeente

bekend is nie, toelaat – dan het die ouderlingeraad nie sy toesig-roeping nagekom nie. So ’n besoeker mag in gruwelike sonde lewe sonder dat die ouderlingeraad daarvan weet.

’n Persoon kan nie sommer “van die straat af” instap en saam met ’n gemeente nagmaal vier nie – selfs al behoort hy aan ’n Christelike kerk. Die ouderlingeraad moet besluit wie tot die nagmaal toegelaat word.

Wanneer lidmate van erkende kerke saam nagmaal gebruik, moet afgekondig word dat hulle kinders wat nog nie belydende lidmate in hulle eie gemeente is nie, nie in ’n AP kerk tot die nagmaal toegelaat word nie.

**Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB):** Een van die belydenisskrifte wat saam met die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls* die “Drie Formuliere van Eenheid” uitmaak en deur al die gereformeerde kerke bely word. Die NGB gee ’n oorkoepelende weergawe van die leer van die Skrif in 37 Artikels.

**Nie-erkende kerkverband:** ’n Kerkverband wat weens ernstige leerverskille, deur gereformeerde kerke nie as “aanvaarde” kerke geag word nie.

’n Kerkverband (kyk “Kerkverband”) wat nie dieselfde belydenisskrifte as die AP Kerk onderskryf nie, kan nie as ’n “aanvaarde” kerk beskou word nie. Trouens, so ’n “kerk” kan ’n sekte wees, of selfs ’n valse “kerk”. Dit kan ook kerkverbande wees wat die Skrif en daarmee ook die gereformeerde belydenisskrifte totaal verdraai, of verwerp.

Die “erkende” kerke handhaaf formeel, prinsipieel en letterlik die Drie Formuliere van Eenheid as hulle belydenisgrondslag (anders as die nie-erkende kerke).

Selfs al sou ’n kerkverband die gereformeerde belydenisskrifte nie formeel geskrap het nie, maar baie van sy leiers (professore en ander) en baie lidmate verkondig etiese on-Skriftuurlike standpunte en/of dwaalleer, kan ’n sinode van die AP Kerk besluit om so ’n kerkverband voortaan nie as ’n erkende kerk te ag nie.

**Nietigverklaring:** Ongeldigverklaring, opheffing, of terugtrekking van 'n dokument.

Die begrip word gebruik ten opsigte van kerklike dokumente wat (hoogswaarskynlik onwetend) nie geldig by die uitreiking daarvan was nie. Wanneer ’n predikant beroep word en daar kom ’n wettige beswaar (wat die ouderlingeraad handhaaf) op grond van die leer en/of lewe van die beroepene, of op grond van onreëlmatigheid in verband met die beroep, word daardie beroep nietig verklaar.

Dieselfde geld ten opsigte van die verkiesing van ouderlinge en diakens.

**O**

**Omsendbriewe:** Korrespondensie deur die Gemeenskaplike KerkkKantoor aan al die kerke binne die kerkverband, of deur ’n ring aan die kerke binne die ringsgebied.

**Onbevoeg:** Sonder volmag. Dit gaan in hierdie verband in die kerk oor drie sake: Eerstens dat ’n ampsdraer of kerklike dosent nie meer oor die vermoë beskik om sy werk te doen nie. Tweedens mag ’n persoon nie bevoeg wees nie, in die sin dat hy nie volmag het om bepaalde handelinge te verrig nie – byvoorbeeld dat ’n ouderling nie in die amp van leraar mag handel nie. Derdens

mag ’n meerdere vergadering nie verrigtinge wat buite die raamwerk van sy roeping val, hanteer nie – soos dat ’n ring nie die bevoegdheid het om ’n lidmaat van ’n plaaslike kerk onder sensuur te plaas nie. Net die ouderlingeraad mag dit doen.

**Ondertekeningsformulier:** ’n Dokument wat deur betrokke persone onderteken word by die bevestiging in hul ampte.

In hierdie dokument bely die ouderling en die diaken sekere dinge en maak hy beloftes aan die Here. Daar is ’n soortgelyke dokument vir proponente, predikante en dosente.

**Ontbinding van gemeente:** Beëindiging van die voortbestaan van ’n gemeente.

Wanneer ’n gemeente nie verder kan bestaan nie (byvoorbeeld weens die lae getal lidmate wat oorgebly het nadat verreweg die meeste lidmate verhuis het en dit vir hulle nie moontlik is om in kombinasie met ’n ander gemeente aan te gaan nie, of om die finansies te vind om voort te gaan nie), versoek die kerkraad die ring om die gemeente te ontbind (te laat ophou om voort te bestaan).

**Oorgang na ’n ander lewenstaak:** Van een roeping na ’n ander oorgaan.
’n Predikant wat na ’n ander lewenstaak wil oorgaan, moet via die kerkraad die goedkeuring van die ring daarvoor ontvang.

Omdat die predikantsamp ’n *lewensroeping* is, mag dit net om gewigtige redes gevra word. Indien sy aansoek bewillig word, gaan hy oor “tot ’n ander lewenstaat”. In sekere omstandighede (byvoorbeeld dat hy steeds bepaalde

kerklike werk doen) mag hy sy status as predikant behou, andersins moet hy sy amp neerlê.

**Opheffing:** Die ongedaan maak van ’n besluit tot skorsing of tot toepassing van die tug.

Daar is twee betekenisse van die begrip “opheffing”. Eerstens: Iets tot ’n einde bring, iets nie meer geldig laat bly nie. Wanneer die skorsing van ’n ampsdraer, of die tug van ’n lidmaat of ’n ampsdraer, beëindig word, word van “opheffing” van die tug gepraat.

Tweedens, in die algemene sin: Wanneer ’n diaken in sy diens van barmhartigheid lidmate ophef, bring hy vir hulle verbetering van hul omstandighede en ’n groter gevoel daarvan dat die gemeente omgee en ondersteun. So kan ouderlinge en predikante ook lidmate op geestelike gebied ophef.

**Oplegging van hande:** ’n Simboliese handeling by die indiensstelling en bekragtiging van ’n proponent in die diens van die Here. Dit versinnebeeld die seën van die Here oor die proponent.

Wanneer ’n proponent ’n beroep opgevolg het, word die betrokke formulier in ’n erediens voorgelees. Hy moet op die vrae wat gevra word, antwoord met ’n hardop “Ja ”. Daarna volg die handoplegging. Dit word deur die predikant wat die erediens gelei het, gedoen. Dit het in sommige gereformeerde kerke gebruik geword dat al die leraars van dieselfde kerkverband wat in die erediens is, meedoen aan die handoplegging.

**Opname van belydende lidmate vanuit ander erkende kerke:** Vereistes wat nagekom moet word voordat ’n persoon uit ’n erkende kerk as belydende lidmaat in ’n plaaslike kerk in die AP kerkverband opgeneem word.

Die potensiële lidmate moet die publikasie *Ontmoetingsgesprek* bestudeer en dit mondeling onderskryf. Indien hulle ten spyte van ’n in diepte gesprek een of meer van die beginsels rakende gedeeltes daarvan nie onderskryf nie, kan hulle nie as lidmate opgeneem word nie. Voor of ná die onderskrywing van die publikasie moet ’n bewys van lidmaatskap van hul vorige kerk ingedien word. Dan kan hulle as lidmate opgeneem word deur afkondiging in die kerk.

(Kyk “Erkende kerk”)

**Oproep van ’n vergadering:** Die bekendmaking van die datum, tyd en plek van ’n beoogde vergadering sodat die lede daarvan kennis kan neem en daarvoor kan voorberei.

**Opsig:** Toesig en leiding gee. Veral die ouderlinge en predikant waak oor die geestelike welsyn van die lidmate en begelei hulle op die pad van die Bybel.

Dit help voorkóm dat lidmate hulle tugwaardig gedra. Die begrippe “opsig” en “tug” loop hand aan hand. Daar is lidmate wat ook die opsig, troos, hulp, ondersteuning van ’n diaken nodig het.

**Ordemosie:** ’n Voorstel tydens ’n kerkvergadering ten opsigte van die orde in ’n vergadering, sovêr dit besluitneming raak.

’n Ordemosie is ’n voorstel deur enige lid van ’n kerkvergadering 1) om die volgorde waarop sake op die sakelys behandel moet word, te verander; 2) dat

bespreking oor ’n saak beëindig word en dadelik tot stemming oorgegaan moet word; 3) dat van ’n saak afgestap moet word.

Oor enige van hierdie drie voorstelle moet dadelik gestem word sonder enige bespreking. Sou die voorsitter oordeel dat so ’n voorstel bespreking wil voorkom, word die ordemosie (miskien vir eers) afgewys.

**Owerheid:** Dit gaan nie hier oor kerklike “owerhede” nie, maar oor die wette van die regering en ander gesagsliggame. Daardie wette moet gehoorsaam word sovêr dit wat hulle voorskryf en eis, nie in stryd met die Woord van God is nie.

**P**

**Permanente kommissies:** ’n Sinodaal-aangewese kommissie wat ná ’n sinode voortbestaan tot by die konstituering van die volgende sinode.

Bogenoemde verwys na ’n saak wat in die Kerkorde voorkom. Daar is natuurlik in plaaslike kerke ook kommissies wat permanent is, al wissel die lede daarvan.

Elke sinode wys permanente kommissies aan wat ná die beëindiging van die sinode sekere sinodale opdragte moet uitvoer, bepaalde funksies moet verrig, en daaroor aan die volgende sinode moet rapporteer.

(Kyk ook “Tydelike kommissies”)

**Politiek van kansel af:** Geen preek mag ’n politieke praatjie of werwing vir ’n politieke party wees nie. Die kerk het ’n profetiese roeping teenoor alle persone en instansies sonder aansiens des persoons.

**Predikant kan nie meer bekostig word nie:** So ’n gemeente (kerk) kan die moontlikheid van ’n kombinasie ondersoek, sodat die finansiële verpligting teenoor hul predikant gedeel kan word; of hulle kan ’n aansoek om hulp by die ring indien; of kan by die Sentrale Kerkekommissie (SKK) om hulp aanklop. Indien geen van die moontlikhede kan realiseer nie, sal die gemeente ontbind moet word (kyk “Ontbinding van gemeente”).

**Preek, wie mag:** Kerkregtelike bepalings oor die bedienaar van die Woord tydens eredienste.

Sinodes besluit van tyd tot tyd wie in die AP kerkverband mag preek.

**Presbiteriale kerkregeringstelsel:** ’n Kerkregeringstelsel waarin Christus die *ouderlinge* gebruik om deur sy Woord en Gees die Christusregering te *bedien*.

Op meerdere vergaderings dien ook net ouderlinge. ’n Predikant is as herder en *leraar* ’n *leer*-ouderling wat as sodanig deel van die ouderlingeraad is en na meerdere vergaderings afgevaardig word.

Hierdie stelsel is ’n *Ouderlingeregeringstelsel*. “Presbiter” beteken ouderling. In hierdie stelsel is Christus die Hoof van die kerk en die kerk is die liggaam van Christus. Soos die mens se liggaam die opdragte van die brein (hoof) uitvoer, so moet die gemeentelede en die ampsdraers die bevele van Christus en die leiding van die Gees nougeset gehoorsaam. Christus regeer. Hy regeer deur sy Woord en Gees. Daarom moet Skriftuurlike beginsels in hierdie kerkregeringstelsel gehandhaaf word ten opsigte van die organisasie, kerkregtelike bepalings, en handelinge in die kerk en op meerdere vergaderings.

Hierdie stelsel handhaaf op grond van die Bybel dat die “kerk” die plaaslike kerk (gemeente) is. Ringe en sinodes is nie “kerk” nie, maar vergaderings van afgevaardigdes uit mindere vergaderings.

(Kyk ook “Kerkbegrip” en “Meerdere vergaderings”)

**Propaganda:** Steunwerwing vir of teen iemand.

Daar mag by die beroeping van ’n predikant of die verkiesing van ’n diaken of ouderlinge geen propaganda vir of teen bepaalde persone gemaak word nie.

**Proponent:** ’n Teologiese student wat aan al die akademiese vereistes om predikant te word, voldoen het; en oortuig is dat die Here hom as bedienaar van die Woord geroep het; en deur die kuratorium beroepbaar gestel is.

(Vergelyk ook “Proponentseksamen”)

**Proponentseksamen:** Ná die voltooiing van sy teologiese studie, word ’n voornemende predikant deur die kuratorium ondervra oor sy teologiese kennis, sy leer en lewe, met die oog op beroepbaarstelling in die kerkverband. Hierdie ondervraging is die proponentseksamen.

**R**

**Regsgeding:** 1) Die GKK (Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie) tree as regspersoon op in regsgedinge en dispute in sake wat op sy terrein val. 2). Die kerkraad is ook ’n regspersoon en nader die GKK en KKS in ’n regsgeding en dispuut vir advies en hulp.

**Regspersoon:** ’n Persoon en ook ’n instelling wat regtens gemagtig is om in regsake op te tree en eiendom te besit.

Elke kerkraad is ’n regspersoon en daarom wettiglik gemagtig om eiendomme te besit en om in regsake namens die gemeente op te tree; hy kan deur ’n hof gedagvaar word en self ook dagvaar. In ’n regsgeding waarby die kerkraad ’n party is, gee die KKS (Kommissie vir Kerkregtelike Sake) en die GKK (Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie) regsadvies aan die kerkraad.

In die kerke in kerkverband is die Gemeenskaplike Kerkkantoor ’n regspersoon wat met die gemeenskaplike administrasie en finansies van die kerke in kerkverband, asook gemeenskaplike bates en laste, handel.

’n Sinode het die GKK as regspersoon daargestel en enige sinode het die bevoegdheid om die GKK met ’n ander gemeenregtelike regspersoon te vervang.

**Regspraktisyns:** Dit is regsgeleerdes: advokate en prokureurs. In die kerk mag geen regspraktisyn uit hoofde van sy amp optree nie. Die partye mag wel getuies roep.

**Reisattestaat:** Wanneer ’n lidmaat (insluitend ’n dooplidmaat) vir ’n tyd lank reisend sal wees, en dus nie vooraf weet by watter kerk/kerke (AP Kerk en enige ander erkende gereformeerde kerk) hy hom sal bevind nie, gee die ouderlingeraad aan hom ’n reisattestaat. Die betrokke kerkraad, waar hy eredienste bywoon, moet op die reisattestaat van die lidmaat oor sy erediens- en doop- en nagmaalbywoning getuig.

Wanneer die lidmaat weer by sy tuisgemeente vir ’n tyd lank sal bly, dien hy sy reisattestaat vir insae by die ouderlingeraad in. Sodra hy weer vertek, neem hy ’n reisattestaat saam.

Indien hy na sy tuisgemeente terugkeer om permanent daar te woon, dien hy sy reisattestaat in.

**Repliek:** Die reaksie van ’n voorsteller op stellings wat oor sy voorstel gemaak is.

In ’n sinode kry ’n lid van die vergadering net een spreekbeurt, behalwe die voorsteller wat twee spreekbeurte het: Die eerste toe hy sy voorstel toegelig het en die tweede om op alles wat geargumenteer is, te reageer nadat die bespreking daaroor afgehandel is – dit is sy reg tot repliek. Ná sy repliek mag niemand weer oor die saak ’n spreekbeurt kry nie, maar moet tot stemming oorgegaan word.

In ’n *mindere* kerkvergadering het elke lid van die vergadering twee spreekbeurte oor dieselfde saak.

**Reses:** Die tydperk wat verloop tussen die tydelike verdaging van ’n sinode totdat dieselfde sinode verder met die uitstaande sake op die sakelys voortgaan.

Indien ’n sinode nie binne die tydperk wat daarvoor opsygesit is, sy werk afhandel nie en daar dringende onafgehandelde sake is wat nie tot die volgende gewone sinode kan wag nie, verdaag die sinode tot ’n afgesproke volgende datum. Die tyd wat tussenin verloop, is die “reses”. Op die datum waarop die sinode hervat, dien dieselfde afgevaardigdes as tydens die vorige datum van die sinode, omdat dit dieselfde sinode is wat sy werk voortsit.

Die tydperk wat tussen twee *sinodes* verloop (nie die een sinode wat sy werk net onderbreek het nie), beteken nie dat die eerste sinode “in reses” gaan nie, omdat elke sinode ’n begin en ’n einde het.

Sodra die werk van ’n sinode klaar is, kom hy tot ’n einde en bestaan daar nie meer ’n sinode nie, totdat ’n volgende een konstitueer, hetsy as *gewone sinode*, of ’n *buitengewone sinode* wat handel oor ’n ernstige saak wat opgeduik het en nie vir die beplande volgende sinode kan wag nie.

**Revisie:** Hersiening; herbesinning oor ’n besluit.

Wanneer ’n lid van ’n kerklike vergadering ’n besluit wat geneem is nog tydens dieselfde vergadering wil laat verander, kan hy die vergadering vra dat die saak heroorweeg word en ’n motivering daarvoor gee. Indien die vergadering met meerderheid van stem sy versoek bewillig, word die saak aan die einde van die vergadering heroorweeg. Die finale besluit kan die oorspronklike besluit handhaaf, verander, of verwerp. Dit geld vir alle kerkvergaderings.

In vergaderings van plaaslike kerke is daar ook die opsie dat ’n persoon op ’n vergadering kennis kan gee van die indiening van ’n versoek tot revisie op die *volgende* vergadering.

**Riglyne:** Kerklike reëls waarvolgens gehandel *kan* word (nie *moet* nie), maar wat nie soos beginsels onveranderlik is nie.

**Ring:** ’n Vergadering van twee afgevaardigde ouderlinge en die dienende predikant(e) uit elke plaaslike kerk binne ’n bepaalde gebied.

’n Ring is ’n vergadering wat konstitueer en sodra die sakelys deurgewerk is, “ontbind” (ophou bestaan). Tot die konstituering van ’n ring in die toekoms, is daar nie so iets soos ’n ring nie. (In hierdie tussentyd tree die ringskommissie op waar nodig en rapporteer daaroor aan die volgende ring.) Eers wanneer afgevaardigdes weer byeenkom, konstitueer hulle ’n nuwe ring. ’n Mens kan dus nie sê “die ring het besluit” nie, maar wel byvoorbeeld “die ring van 2017” het besluit.

Is die ring “hoër” as die kerkraad? – Kyk onder “Appelleer”.

Ringe en sinodes is “meerdere” vergaderings (kyk ook “Hoof van die kerk”; en “Koningskap van Christus”).

**Ringsressort:** Die gebied waarbinne bepaalde plaaslike kerke bestaan, wat die ring uitmaak.

“Ressort” beteken onder meer “werksgebied”. Die plaaslike kerke wat binne bepaalde omskrewe grense is, vorm die ringsressort. Een ring mag nie indring in ’n ander ringsressort nie.

## S

**Sake van hoër beroep:** Besluite van ’n mindere kerkvergadering wat na ’n meerdere vergadering gevoer word.

Die bedoeling hiermee is dat wanneer iemand deur ’n besluit of optrede in ’n plaaslike kerk verontreg is, hy hom kan beroep op die eerskomende ring wat nog moet konstitueer. Of as dit gaan oor ’n besluit van ’n ring, hom kan beroep op die eersvolgende sinode.

Die *bedoeling* is reg, maar nie die keuse van die woord "hoër" beroep nie. (Selfs al is die woord deur "groot" kerkregtelikes so gebruik.) 'n Persoon kan hom beroep op 'n *meerdere* vergadering.

(Kyk ook "Appèl" en "Hoof van die kerk".)

**Sakramente:** Heilige, sigbare waartekens en seëls wat deur God ingestel is om ons die beloftes van die evangelie beter te laat verstaan en vir ons 'n waarborg te wees.

Dit gaan hier globaal om die offerande van Christus, die vergewing van sondes en die ewige lewe.

Daar is twee sakramente: die doop en die nagmaal. By die doop: Ons *sien* die water – dit is die "teken": water was vuiligheid af; en ons *glo* dat God dít vir ons waarborg: Hy was ons sondes af deur die bloed van Christus (dus: "waar"-"teken").

By die nagmaal: Ons *sien* die brood wat gebreek word – die *teken* van Christus se liggaam wat gebreek is. Ons *sien* die wyn wat in die beker gestort word – dit is teken van Christus se bloed wat aan die kruis gestort is. Die *waarborg* is dat Christus se liggaam net so seker vir ons gebreek is as wat ons die breek van die brood sien en met die mond eet. So voed Hy ons tot die ewige lewe. Deur die storting van die wyn waarborg Hy dat sy bloed aan die kruis vir my gestort is om versoening met God te vind.

**Sakramentsbediening:** Die voorlees van die formuliere waarin die simboliek van die tekens by die doop en die nagmaal verklaar en toegepas word; en die verantwoordelikhede wat dit meebring, uitgespel word; en die uitvoering van

die verrigtinge ten opsigte van die doop (die besprinkeling met water), en ten opsigte van die nagmaal (die uitdeling van brood en wyn).

Daar is twee sakramente in die kerk, naamlik die doop en die nagmaal. Wanneer iemand gedoop word, of die lede van die gemeente nagmaal gebruik (plus ander wat toegelaat is – kyk “Toelating tot Nagmaal”), tree die predikant op ingevolge die amp wat hy beklee. Hy doop en bedien die nagmaal.

**Seggenskap:** Die reg om te beslis en/of te beveel.

Natuurlik het die Here volstrekte seggenskap oor alles en almal. Dit is juis sý seggenskap wat kerklike vergaderings moet soek: om almal na die wil van die Here (soos geopenbaar in die Skrif) te laat vra voordat oor ’n saak of ’n persoon beslis word. Elke vergadering moet hom natuurlik hou aan daardie sake wat op sy terrein val.

**Sekte:** ’n Godsdienstige groepering wat homself van die ware kerk afskei of daarteenoor stel, en wat deur leerafwyking, ’n onbybelse kerkopvatting, of die verwerping van die suiwere bediening van Woord en sakramente, nie die kenmerke van die ware kerk vertoon nie. Gewoonlik glo hul in Christus plus iets anders.

**Sensuur:** Kerklike toesig en regspraak oor suiwere leer en godvrugtige lewenswandel ooreenkomstig die Skrif.

Van ’n gesensureerde lidmaat word bepaalde lidmaatsregte ontneem. Wanneer ’n lidmaat wat onder sensuur is, uit die gemeente vertrek, word dit op sy attestaat aangetoon en indien nodig, ook en verder in ’n meegaande brief gestel. Dit word dan direk na die lidmaat se “nuwe” gemeente gepos.

’n Gesensureerde lidmaat mag nie stem wanneer ampsdraers verkies word, of teen die prosedure wat gevolg is, beswaar maak nie. Hy mag ook nie as ampsdraer verkies word nie. Verder mag hy ook nie ’n kind laat doop nie (die lewensmaat mag wel), of nagmaal gebruik nie.

Wanneer daar by ’n gesensureerde persoon geen bekering kom nie, lei dit uiteindelik tot afsnyding uit die gemeente. Indien daar egte bekering kom, word die sensuur met handhawing van sekere bepalings opgehef.

**Sinode:** ’n Vergadering van twee afgevaardigde ouderlinge en hoogstens twee predikante uit elke plaaslike kerk oor die land heen.

Die vergadering word gekonstitueer en werk aan ’n sakelys wat gewoonlik ’n paar dae of langer neem om af te handel. Sodra die werk afgehandel is, kom die sinode tot ’n einde.

Tot die konstituering van ’n volgende sinode, is daar nie so iets soos ’n sinode nie. ’n Sinode is dus nie ’n permanente vergadering soos ’n kerkraad nie.

Die sinode besluit wanneer die volgende sinode moet plaasvind – dit kan normaalweg enige tyd van een jaar of langer wees. Indien ’n spesiale sinode tussendeur gehou moet word, word nie gewag vir die volgende sinode waarvan die jaar reeds bepaal is nie.

In die tyd tussen twee sinodes tree die permanente kommissies wat deur die laaste sinode aangewys is, waar nodig, op en rapporteer daaroor aan die volgende sinode. Eers wanneer afgevaardigdes weer byeenkom, konstitueer hulle ’n nuwe sinode.

Dit is nie korrek om te sê “die sinode het besluit” nie, maar wel byvoorbeeld “die sinode van 2017” het besluit.

**Skorsing:** ’n Tydelike verbod om ’n amp uit te oefen.

Die persoon wat geskors is, bly in sy amp, maar mag nie as ampsdraer optree nie. Wanneer ’n predikant geskors word, word sekere gedeeltes van sy traktering vir die duur van sy skorsing nie aan hom betaal nie – byvoorbeeld reiskoste.

**Soorte kerkvergaderings:** Die soorte vergaderings wat in die kerk gehandhaaf word, is: 1) Die “mindere vergaderings”, naamlik diakonie, ouderlingeraad, kerkraad en 2) die “meerdere vergaderings”, naamlik ring en sinode.

**Staking van stemme:** Gelykop stemme behaal wanneer vir persone of oor sake gestem word.

Wanneer daar in ’n vergadering gestem word en daar is ewe veel stemme, staak die stemme; dit wil sê daar is ewe veel stemme *vir* en *teen iets* of ’n *persoon* waaroor gestem word.

(Kyk ook “Beslissende stem” en “Lot”)

**Status:** Die waarde wat God aan ’n amp toeken.

In die kerk beteken “status” dat ’n ampsdraer *in ’n ander hoedanigheid* as die lidmate in die kerk dien. Een se status is dat hy ’n diaken is, ’n ander s’n ouderling, nog een predikant.

Al die lidmate van Christus se kerk, beklee die “amp van gelowige”.

In die Kerkreg beteken “status” nie dat die persoon ’n vername of hoë posisie in die samelewing of kerk het nie. *Hier gaan dit nie om bekwaamheid nie, maar om volmag te hê* (kyk "Bevoegdheid"). In die samelewing geniet mediese dokters, burgemeesters, minsters, ensovoorts byvoorbeeld hoë status. Maar in die kerk van die Here gaan dit nie om eer van mense nie. Die Here roep elkeen tot ’n taak. In die kerk wys "status" ook op die waarde wat die Here aan elke amp toeken.

Ampsdraers is sy *dienaars*. Die ouderlinge, byvoorbeeld, heers nie oor die gemeente nie, maar *bedien* Christus se gesag. Wanneer ’n ouderling byvoorbeeld nie meer in sy amp dien nie, is sy “status” ’n lidmaat in die gemeente – dan staan hy net in die “amp van gelowige”.

**Statustoekenning:** Verlening van die kerklike status van een van die ampte in die kerk.

’n Ongesensureerde manlike lidmaat kan genomineer en verkies word deur die gemeente om ’n diaken of ouderling te wees. Die oomblik as hy as sodanig in ’n erediens bevestig is, is daarmee aan hom die status van diaken of ouderling verleen.

’n Persoon wat deur die Here geroep is om predikant te word, moet oor jare heen al die akademiese vereistes wat vir ’n predikant vereis word, behaal. Dwarsdeur sy lang studie heen begelei die kuratorium hom ten einde op hoogte te wees van sy vordering, sy leer en lewenswandel. Voldoen hy aan alles, ken die kuratorium aan hom die status van proponent toe. Sodra hy beroep is en in ’n gemeente bevestig is, het hy die status van predikant.

**Stemgeregtigdes:** Persone wat die reg het om oor ’n saak of ’n persoon of ’n vergadering te stem.

**Stigtelike woord:** Die voordra van ’n boodskap onder die erediens deur ’n persoon wat nog nie die status van predikant het nie.

Proponente en teologiese studente wat van die kuratorium die reg verkry het om hul eie preke te maak en dan in gemeentes in die plek van ’n preek te gebruik as ’n “stigtelike woord”. Eers wanneer hulle as herders en leraars bevestig is, mag hulle hul eie preke lewer. In so ’n geval mag die voorganger nie sy hande by die groetseën aan die begin en die seëngroet aan die einde van die erediens ophef nie (soos wat gelegitimeerdes doen). Die “preek” wat hy lewer, is ’n stigtelike woord.

**Stuit:** ’n Besluit deur die ouderlingeraad dat ’n predikant, emeritusleraar, teologiese dosent of ’n kerkraadslid weens ’n ernstige aanklag of ’n ernstige nadelige gerug ten opsigte van sy leer of lewe, voorlopig nie sy ampswerk mag doen nie. Dit is egter nie ’n tugmaatreël nie.

Ná die stuiting word die klag of gerug deeglik ondersoek en na bevind van sake hanteer.

Indien die ouderlingeraad bevind dat ’n aangeklaagde onskuldig aan die aanklag is, word die stuiting opgehef. Sou hy egter skuldig bevind word, word tugstappe toegepas.

’n Nadelige gerug wat in die gemeente en selfs buite die gemeente oor die lewe of regsinnigheid van ’n lid van die kerk versprei word, tas die eer van God aan, dien tot skande van die kerk van die Here en verneder die betrokke lidmaat. Daarom moet die saak die dringende aandag van die ouderlingeraad geniet. Sou die aangeklaagde onskuldig bevind word, word die stuiting opgehef. Anders word met tugstappe begin.

**Stuiting in amp:** Kyk “Stuit”.

**Suiwering van nominasies:** (Kyk “Groslys” en “Kortlys”.)

**T**

**Teenstem:** ’n Aksie wat ’n lid van ’n kerkvergadering neem wanneer hy ’n besluit wat geneem is, teëgaan en dit in die notule wil laat opneem.

Iemand wat tydens ’n kerklike vergadering nie met ’n besluit wat geneem is, saamstem nie, of wat afwesig was toe die besluit geneem is, mag vra dat sy stem daarteen, of sy afwesigheid, in die notule aangeteken word.

**Terughouding:** ’n Handeling van die ouderlingeraad wat ’n tugwaardige dooplidmaat wat al in die belydenisklas is, daarvan weerhou om belydenis van geloof af te lê.

Kerklike tug strek ook uit oor dooplidmate wat tugwaardige sonde(s) begaan. Die ouderlingeraad mag geen dooplidmaat tug met verbygaan van die ouers nie. In die spesifieke geval, is *deel* van die tug die terughouding van die aflê van belydenis van geloof. Oor tug ten opsigte van *alle* dooplidmate besluit die ouderlingeraad wat die gepaste tugmaatreëls sal wees – maar altyd met die oog op berou, bekering en regstel van die leer en/of lewe.

Dit moet in die teenwoordigheid van die betrokke ouers geskied. Waar die ouers ver weg bly (soos wel gebeur wanneer ouers hul skoolgaande kinders in koshuise sit), moet skakeling met hulle bewerkstellig word.

**Toelating tot aflê van belydenis van geloof:** Besluit van die ouderlingeraad dat ’n katkisant gereed is om belydenis van geloof af te lê.

Geen dooplidmaat mag toegelaat word om belydenis van geloof af te lê sonder dat die ouderlingeraad so besluit het nie. Die ouderlingeraad hou toesig oor die hele gemeente – ook oor die verbondsonderrig.

Nadat ’n katkisant die finale jaar van verbondsonderrig afgehandel het, meld hy hom aan by die ouderlingeraad met die oog op die aflê van belydenis van geloof. Dan word hy deur ’n kommissie van die ouderlingeraad oor sy kennis van die Skrif en belydenisskrifte (sy regsinnigheid), asook oor sy lewe, veral sy verhouding met die Here, ondervra. Die kommissie gee daaroor verslag en ’n aanbeveling aan die ouderlingeraad en laasgenoemde besluit daaroor.

(Kyk ook “Belydenis aflê”)

**Toelating tot die doop van verbondskinders:** Besluit van die ouderlingeraad, op aanbeveling van die predikant of iemand anders wat deur die ouderlingeraad aangewys is om ’n verbondsgesprek met die ouer(s) te voer, dat sy/haar/hulle kind(ers) gedoop mag word.

Ouers wat hulle kind(ers) wil laat doop, moet nie onder sensuur wees nie en ’n verbondsgesprek wat die ouderlingeraad bepaal en reël, bywoon. Dit word gewoonlik deur die predikant in teenwoordigheid van een of meer ouderlinge hanteer.

Wanneer een ouer onder sensuur is, mag die ander een hul kind laat doop.

’n Kind uit enige gemeente mag met toestemming van die ouderlingeraad in ’n ander AP kerk, of ’n erkende kerk, gedoop word, met skriftelike toestemming van die eie ouderlingeraad.

**Toelating van volwassenes tot die doop:** Besluit van die ouderlingeraad dat hy/sy gedoop mag word op aanbeveling van die predikant of iemand anders wat deur die ouderlingeraad aangewys is om ’n verbondsgesprek met hom/haar te voer.

’n Volwassene wat nie gedoop is nie, maar gedoop wil word, word eers deur die predikant of iemand wat daartoe aangewys is, onderrig (meestal as individuele “katkisant”). Met goedkeuring van die ouderlingeraad, lê hy dan belydenis van geloof in ’n erediens af en word daarna in dieselfde erediens gedoop.

**Toelating tot die nagmaal:** Alle belydende lidmate van ’n kerk (gemeente) wat nie onder sensuur is nie, het toegang tot die nagmaal. Vir persone van elders wat ook nagmaal wil gebruik – kyk “Nagmaal, getuienis” en “Korrespondensie”.

**Toerusting van lidmate:** Die kerkraad sien toe dat aangewese lidmate dooplidmate en belydende lidmate toerus om hul roeping voor die Here steeds beter na te kom. Daaroor moet verslag gelewer word.

Die predikant rus ook toe deur prediking, huisbesoek, Bybelstudie en kategese.

**Traktement:** Deel van die versorging van ’n herder en leraar deur ’n kerkraad.

’n Mens *verdien* ’n salaris by sy werkgewer of vir dienste wat hy lewer. ’n Predikant ontvang nie ’n salaris nie, maar’n “traktement”. Hy word deur die kerkraad getrakteer om sy dienswerk te verrig. Indien daar maar een persoon

werklik met die seën van die Here onder die bediening van die predikant tot bekering kom, watter bedrag sal in ’n leeftyd daarvoor kan betaal? Of as die gemeente onder die bediening groei in heiligmaking?

Die Here het die predikant persoonlik tot bedienaar van die Goddelike Woord geroep. Nou kyk die predikant nie waar en hoe hy die meeste kan verdien nie, maar hy dien die Here biddend waar Hy hom geplaas het.

Die dienaar eis niks, maar ontvang wat die Here behaag. Hy *verdien* niks, maar hy gee al sy krag. Hy weet dat hy net kan plant en natmaak, maar dat God alleen kan laat groei. God maak veral van die predikant gebruik om daardie onbetaalbare groei te bewerkstellig.

**Tug:** Biddende en broederlike vermaninge en verdere optrede wanneer ’n lidmaat van die kerk (gemeente) hom volhardend in leer en/lewe misgaan, dit wil sê weier om aan die Here gehoorsaam te wees.

Elke lidmaat moet homself “tug” as hy hom in leer en/of lewe misgaan. Lidmate moet mekaar vermaan. Dan is dit in besonder die roeping van die ouderlingeraad om tug oor die lidmate uit te oefen.

In die kerk is daar geen sprake van straf nie. Niemand word “teruggekry”, vergeld of beboet nie. Tugtiging geskied om die oortreder terug te bring van sy sonde na ’n lewe wat die Here behaag.

Om te tug, is altyd liefdeswerk en moet dien tot eer van die Here. Almal in die kerk moet ooreenkomstig die Heilige Skrif glo, leer en wandel. Dit is ook nie die kerk wat tug nie, maar die Here wat dit doen en die ouderlingeraad daarin gebruik.

Tug gaan om die eer van die Here, die heil van die gemeente en die behoud van die sondaar.

**Tugondersoek:** Vasstelling of ’n lidmaat skuldig is aan dwaling in leer en/of lewe.

Wanneer ’n lidmaat aangekla word, moet die ouderlingeraad dit deeglik ondersoek en na bevind van sake hanteer. Dit geld ook vir die ring wanneer hy daarby betrek moet word.

**Tydelike kommissies:** Kommissies wat ’n sinode aanwys om opdragte vanaf die konstituering tot die afsluiting van hierdie meerdere vergadering uit te voer.

Elke sinode wys *tydelike* kommissies aan wat tydens die verloop van die sinode opdragte van die sinode ontvang, daaroor voorstelle formuleer en dan nog tydens dieselfde sinode moet rapporteer.

**U**

**Uitstel vra:** Versoek van ’n beroepe proponent/predikant/ emeritus predikant om die tyd waarbinne hy op die beroep moet antwoord, te verleng.

Wanneer ’n beroep uitgebring is, moet die beroepene, nadat approbasie ontvang is, op die beroep antwoord (positief of negatief). Hy moet dus ná die tweede Sondag wat die beroep met die oog op approbasie afgekondig is, maar nie later nie as die derde Sondag, antwoord. Indien daar ernstige rede(s) is waarom hy nie binne daardie tydperk kan antwoord nie, mag hy hoogstens vir ses weke uitstel vra.

**V**

**Verbondsgesprek:** Kyk “Toelating tot die doop van verbondskinders”

**Verbondsonderrig:** Amptelike onderrig, onder toesig van die ouderlingeraad, aan die kinders van die gemeente, wat noodsaaklik is voordat hulle belydende lidmate kan word. Hulle het saam met hulle ouers deel aan die verbond wat God met sy kinders gesluit het.

**Vereistes vir ’n appèl:** Maatstawwe wat aangelê is vir ’n beroep op ’n meerdere vergadering.

Die Kerkorde spel die voorskrifte vri ’n appèlskrif uit, byvoorbeeld: *’n Appèlskrif moet skriftelik wees; die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal; ingedien word by ’n ring indien appèl aangeteken word teen ’n besluit van ’n plaaslike kerkvergadering; ingedien word by ’n sinode indien appèl aangeteken word teen ’n besluit van die ring; aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar in stryd met die Skrif, ens., besluit is (vgl. Artikel 31); betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.*

**Vereistes om ’n bedienaar van die Woord te word:** Daardie eienskappe en opleiding wat iemand wat predikant wil word, moet hê.

Iemand wat ’n bedienaar van die Woord wil word, moet die voorgeskrewe teologiese opleiding slaag; hy moet in ’n *Colloquium Doctum* (onderhoud, inligtende gesprek – kyk onder “C”) bevredigend bevind word; gelegitimeer word (beroepbaar gestel word); hy moet die Drie Formuliere van Eenheid onderteken. Hierby ingesluit is dat hy oortuig is dat hy werklik deur die Here geroep is.

**Vereistes vir beswaarskrifte:** Maatstawwe waaraan voldoen moet word wanneer iemand ’n beswaar teen iets of iemand wil aanteken.

Die vereistes vir ’n beswaarskrif word deur die Kerkorde bepaal, byvoorbeeld: *’n Beswaarskrif moet: skriftelik wees; die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal; ingedien word by die kerkvergadering wat die besluit geneem het; duidelike gronde vir die beswaar aanvoer; betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.*

**Vereistes vir ouderlinge en diakens:** Hoedanig ’n ouderling en ’n diaken moet wees en optree.

Hulle moet bekend wees vir ’n lewende geloof, vir ’n begeerte om vir die Here te werk, bekwaam wees om hulle amp te vervul, die Skrif ernstig ondersoek, onberispelik wees, man van een vrou, betroubaar en met die Gees van God vervul.

**Verinheemsing:** Inheemse kerke, dit wil sê kerke binne die grense van een land en onder verskillende volke, is God se wil. *Maak dissipels van al die nasies.* God regeer in al sy kerke oor die wêreld – Hy eis nie dat almal wat gelowig word, na een land êrens moet verhuis nie. Wanneer Christene in ’n heidense land vestig, is dit ’n verinheemsing van Christus se kerk.

**Verklaring van belange:** Bekendmaking van persoonlike voordele wat ’n lidmaat wat betrokke is by die sluiting van ’n kontrak tussen partye waarvan ’n gemeente of die GKK deel is, moontlik sal ontvang.

Die beginsel hier is dat indien ’n lidmaat (insluitend enige ampsdraer) voordeel uit ’n kontrak of ’n transaksie wat deur ’n kerkraad of die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie met ’n ander party aangegaan word, hy dit openlik moet

verklaar. Hy mag nie swyg oor persoonlike verryking uit so ’n transaksie nie. Dit mag wees dat sy belang sonder meer aanvaar word, of dat hy dan nie deel aan die kontrak mag hê nie.

**Verklaring van lidmaatskap:** Dit is sinoniem met “Bewys van lidmaatskap”.

**Vermaan:** Om tereg te wys of aan te spreek oor dwaling in leer en lewe.

Die Here spreek lidmate aan wat sondig. Daartoe werk Hy deur die Heilige Skrif en deur die Heilige Gees. Hy gebruik besonderlik die ouderlingeraad in die proses. Daarom moet hulle hul in hul vermanings streng by die Skrif hou.

Dit is deel van die ampswerk van die ouderlinge om te vermaan, dit wil sê hulle waarsku ernstig, hulle toon die sonde wat gepleeg is – waarin teen God se wil oortree is, duidelik aan. Hulle roep op tot berou, belydenis van die sonde en bekering. Verder spoor hulle in liefde tot goeie werke aan.

Vermaning is nie verwerping van die persoon wat gesondig het nie, maar ’n oproep tot ’n lewe soos dit by iemand pas vir wie Christus aan die kruis geboet het. Dit is ’n aandrang om in die krag van die Gees op te staan in nuwe lewe.

Die Here gebruik ook lidmate onderling, ’n ouderling, dieaken of ’n predikant vir die onderlinge vermaning.

Die ring en sinode vermaan ook waar die sonde kerkordelik op hulle terrein val – mondelings of skriftelik.

**Verspreidende nadelige gerug:** Kyk “Nadelige gerug” en “Stuit”.

**Verval van lidmaatskap:** Die tot einde kom van ’n persoon se lid-wees van ’n gemeente, sonder dat die kerkraad of ouderlingeraad so besluit het.

Wanneer ’n lidmaat uit ’n gemeente verhuis en hy vra nie binne drie maande ’n attestaat aan nie, verval sy lidmaatskap van die plaaslike kerk waaruit hy verhuis het.

Dit kan ook gebeur dat ’n lidmaat by ’n ander erkende kerk, of nie-erkende kerk, of sekte aangesluit het sonder om die feit aan die kerkraad of ouderlingeraad bekend te maak. Dan verval sy lidmaatskap ook.

**Verweergeleentheid:** Die ruimte vir ’n aangeklaagde om homself in ’n kerkvergadering te verdedig.

Wanneer ’n klag teen ’n lidmaat (ingesluit ampsdraers) ingedien word, mag geen tugmaatreël teen hom toegepas word voordat hy volle geleentheid gegee is om homself te verweer nie.

**Visitasie:** Letterlik: Besoek. Kerkordelik gesproke: Besoek wat predikante en ouderlinge wat deur die ring aangewys is, aan elke gemeente in die ringsgebied aflê.

In opdrag van ’n ring word jaarliks ’n besoek (“visitasie”) deur (gewoonlik) een predikant en een ouderling aan ’n bepaalde gemeente in die ringsgebied afgelê om die vraelys wat die SKK of die kerkraad opgestel het, saam met die kerkraad deur te gaan. Die vraelys moes vooraf deur die kerkraad voltooi word.

Die visitatore mag vermaan waar nodig (bv. as dit blyk dat daar nie rekord van die gemeente se finansies gehou word nie, of dat die predikant nie minstens

18 keer per jaar oor die Bybelse stof van die Heidelbergse Kategismus preek nie; en talle ander sake), maar altyd aan die hand van die Skrif.

Die visitatore lewer verslag aan die volgende ring.

Vir elke gemeente word sovêr moontlik ander visitatore as vir ander gemeentes aangewys.

**Visitatore:** Predikante en ouderlinge wat deur 'n ring aangewys is om besoeke aan die gemeentes binne die ringsressort af te lê, met 'n spesifieke doel.

Visitatore behandel saam met 'n gemeente in 'n kerkraadsvergadering wat gewoonlik net vir hierdie doel belê is, die vraelys oor bepaalde kerksake. Die vrae moes vooraf deur die kerkraad beantwoord wees.

Verder gee die visitatore advies wat deur die kerkraadslede gevra word (kyk "Visitasie").

**Volstrekte meerderheid:** Meer as die helfte van die totaal.

Wanneer oor 'n voorstel rakende iets of iemand gestem word, moet alle lede van die vergadering stem, en moet die helfte plus een ('n volstrekte meerderheid) *vir* die voorstel stem voordat die besluit aanvaar word. Indien die helfte plus een *daarteen* stem, word die voorstel verwerp. Toegepas: Indien daar 20 stemgeregtigdes is, is die helfte plus een die meerderheid, dit wil sê 10 + 1 = 11. Indien daar 21 stemgeregtigdes is, is die "helfte 10½. Wanneer die ekstra 1 bykom, is dit 11½. Dit word afgerond na 12.

(Kyk ook "Beslissende stem")

**Voorlopig stuit:** Kyk “Stuit”.

**Voorstelle en amendemente:** Kyk “Amendement”.

**Vrye vereniging:** Vrywillige organisasie van mense, met ’n bestuur.

’n Sinode het besluit dat die kerk die stigting van vrye verenigings met ’n Christelike grondslag aanmoedig. Dit is organisasies buite die kerk.

**W**

**Wanneer besluite van ’n sinode van krag word:** Die tydstip waarop sinodebesluite in werking tree.

Sodra die Handelinge van ’n sinode gepubliseer is, behalwe as ’n sinode in uitsonderlike gevalle oor bepaalde besluite wat hy geneem het, anders besluit.

**Wie in ’n AP Kerk (gemeente) mag preek:** Kyk “Preek, wie mag”

**Wysiging Kerkorde:** Veranderings aan die bestaande inhoud van ’n kerkorde.

Slegs ’n sinode kan aan die Kerkorde wysigings aanbring en wel net wanneer daar ’n beskrywingspunt of goedgekeurde beswaarskrif tot dien effekte by die sinode ingedien is.